# DIE NAVOLGING VAN CHRISTUS DEUR GELOWIGES IN TEENSTELLING MET DIE NABOOTSING VAN GOD DEUR GEESTELIKE BEMAGTIGDE LEIERS

## DIE GESKIEDENIS VAN HIERDIE STANDPUNTINNAME VAN DIE KERKRAAD VAN LEVUBU TEEN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK.

Tydens die kerkraadsvergadering van die NG gemeente Levubu op 26 Februarie 2008 het die kerkraad die volgende besluit goedgekeur: "6.5 Brief opstel vir die ring en sinode: kerkorde artikel 9 (Sien bylaag). Die kerkraad onthef ds. Kriel van die kerkorde artikel 9.2 se gedeelte wat as volg lees: "en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom/haar kan navolg" Ds. Kriel word versoek om die brief op te stel vir die kerkraad om aan die betrokke vergaderinge deur te gee"

Die Algemene Sinode (voortaan AS) van 2007 het besluit dat by die gewone pligte van 'n NG leraar hulle die volgende plig byvoeg: "en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom/haar kan navolg."

Na skakeling en advies van die Noordelike Sinode is hierdie besluit soos volg opgevolg: "5.1 (23.10.2007) 6.5 **Predikantspligte**. Die aktuarius van die Noordelike sinode het die saak na die Algemene Regskommissie verwys. Hulle het dit terugverwys met die aanbeveling dat die kerkraad 'n gravamen aan die sinode rig. Die Aktuarius het gereël dat hierdie gravamen by die sinode in September maand ingehandig kan word. Die dagbestuur het die saak na die ring gestuur en navraag gedoen oor hoe die predikant hierdie plig moet uitvoer anders as wat die kerkraad aan gedui het. Die ring het gesê dat hulle nie weet hoe dit anders gedoen moet word as wat die kerkraad van Levubu dit beskryf het nie.
5.1.1 Keur goed dat die kerkraad 'n gravamen aan die sinode deurgee.
5.1.2 Keur goed dat die kerkraad die leraar net hou by die interpretasie van die kerkraad
5.1.3 Keur goed dat die kerkraad die Noordelike Sinode vra of hulle dit anders verstaan as die kerkraad van Levubu.

Die standpunt oor navolging van die Here is in opdrag van die dagbestuur van kerkraad van Levubu deur ds. PJ Kriel vir die kerkraadsvergadering van 26 Februarie 2008 opgestel. (Bylaag I) Dit was nadat ds. Kriel die dagbestuur ingelig het dat hy nie die artikel in die nuwe pligtestaat van leraars soos deur die Algemene Sinode van 2007 goedgekeur, kan of sal nakom nie. Hy het die dagbestuur in kennis gestel dat hy weier om te aanvaar dat die AS die reg, mag of bevoegdheid het om te kan besluit dat predikante die Here moet navolg maar lidmate die predikant moet navolg.

ds. Kriel het aan die dagbestuur gestel dat met hierdie nuwe voorgeskrewe plig,

- het eerstens, die dwaling van die moderne Christelikheid binne die NG Kerk nou vir die eerste keer ŉ voorgeskrewe plig geword om ŉ NG leraar te kan wees,
- het tweedens, dit die leraar se posisie teenoor lidmate nou finaal verander van bedienaar van die Woord na geestelik bemagtigde leier en
- het derdens, dit lidmate nou heeltemal uitgelewer aan die mag van geestelikes van die moderne Christelikheid binne die NG Kerk omdat die geestelikes die besondere status en kennis sou hê om God te kan navolg, maar die lidmate net die status en kennis sou hê om die predikant te kan navolg.

Die leierouderling, Gert Smit, het die leraar daarop gewys dat indien sy standpunt reg is, dit nie die leraar is wat moet weier om hierdie pligtestaat te aanvaar nie, maar die kerkraad as werkgewer van die leraar.

Daarom is die leraar opdrag gegee om hierdie standpunt teenoor die pligtestaat van die Algemene Sinode op te stel en aan die kerkraad voor te lê. Die kerkraad het besluit dat hierdie voorgeskrewe plig teen die geloof van die NG kerk is en het die leraar daarna opdrag gegee om nie hierdie plig te aanvaar nie. Die kerkraad het ook dadelik begin om binne die orde van die NG Kerk hierdie vergryp van die AS aan te spreek. (Bylaag II)

Hulle het na advies van die regskommissie van die Noordelike Sinode (Bylaag III) ŉ gravamen vir die eerste sinodesitting van Noordelike Sinode in 2008 voorberei en die bestuur van die sinode daarvan in kennis gestel. (Bylaag IV) Hierdie gravamen is deur die Noordelike Sinode van 2008 in ontvangs geneem en deur die regte kerkordelike kanale aan die orde gestel.

Die nuwe nabootsing van God wat die AS as plig vir predikante voorgeskryf het, was deel van die moderne Christelikheid binne die NG Kerk. Dit was die eerste keer wat hierdie Pinkstergeestelikheid kerkordelike as plig van die leraar afgedwing is. Ds. Jan van der Westhuizen het jare lank as pleitbesorger en beskermheer vir hierdie geestelikheid opgetree in die Soutpansberg. Hy was in 2008 medeleraar in die NG Gemeente Soutpansberg.

As voorsitter van die ringsvisitasiekommissie vir die ringsitting van 2009 vir die gemeente Levubu, het hy in die kerkraad se proses om hierdie saak deur die Noordelike Sinode met die AS op te klaar, eensydig, sonder die medewete van sy medekommissielid, ouderling Meisenheimer, die visitasiebesoek gebruik om teen die leraar en kerkraad oor hierdie saak ŉ formele klag in te dien. (Bylaag V)

Hierdie optrede was ŉ poging om die leraar en kerkraad deur die nuwe pligtestaat van leraars aan die geestelikheid van die moderne Christelikheid te onderwerp.

Die kerkraad van Levubu het in 1984 hulle van die Pinksterbekering binne die NG Kerk gedistansieer en dit uitgewys as ŉ valse bekering. Die kerkraad het homself ook verbind aan die geloof in Christus op so wyse dat hulle nie weer aan hierdie Pinksterbekering met al die inhoude daarvan binne die NG Kerk te onderwerp nie. Daardeur het die kerkraad en leraar openlik die moderne Christelikheid binne die NG Kerk as dwaling uitgewys en hierdie geestelikheid op elke vlak en met elke poging daartoe binne die NG Kerk teengestaan.

Met hierdie nuwe pligtestaat vir ŉ leraar van die AS kon die kerkraad aan die geestelikheid van die tipe bekering, waarvan hulle hul self losgemaak het, kerkregtelik weer onderwerp word. Dit is wat met hierdie klagte teen die kerkraad en leraar gepoog is.

Die kerkraad het gereageer deur die Noordelike Sinode te vra vir ŉ tussentydse interpretasie oor hoe hierdie artikel oor navolging dan toegepas moet word, anders as wat die kerkraad besluit het wat die geloofsinhoud van navolging sou is. (Bylaag VI) ds. Kriel is op ŉ kommissie van die Noordelike Sinode betrek om hierdie probleem aan te spreek en hy die kommissie oortuig dat hierdie artikel soos besluit deur die AS onuitvoerbaar is.

Die kern van die kerkregtelike wanorde van die AS wou afdwing, was dat hulle ŉ morele waarde of geloofsoortuiging as plig wou voorskrif. Binne die gemenereg is dit ŉ vergryp van werkgewers want dit is as plig onmeetbaar.

Binne die Ring het die kerkraad die onordelikheid van ds. van der Westhuizen om ŉ visitasiebesoek te misbruik om eensydig ŉ klag te lê aangespreek. (Bylaag VII en bylaag VIII) Die Ring van Louis Trichardt het hierdie klag as nie ontvanklik verklaar en met ds. van der Westhuizen oor sy eensydige optrede en misbruik van die visitasie in gesprek gegaan.

Die kerkraad van Levubu en die leraar het hulle teen die geestelike vergryp van die AS verset. Die uiteinde van die kerkraad se verset was dat hierdie artikel in die kerkorde verval het. Daarmee het die kerkraad die posisie van sy leraar en lidmate gehandhaaf dat hulle nie aan ŉ besluit van die AS onderwerp is, net omdat dit die besluit van die AS as meerdere vergadering is nie. Die AS het met hierdie besluit verkeerd opgetree en ŉ verkeerde besluit geneem. Die kerkraad het die geloofskarakter van die geloof in die Here gehandhaaf: die geloof volgens die Skrif kan nie tydelik opgeskort word deur die AS of enige ander meerdere vergadering van die kerk nie. So asof jy aan die kerklike vergaderinge se besluite moet gehoorsaam wees, al is dit verkeerd, totdat die kerklike vergaderinge agterkom hulle is verkeerd. Die optrede van die kerkraad het ook gewys dat wanneer die AS verkeerde besluite neem, dit binne die orde van die NG Kerk saam met die vergaderinge van die kerk saam opgelos kan word.

Die belang van hierdie gebeure het uitgespeel in die wyse waarop die AS probeer het om die Belharbelydenis deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk te maak.

Die mag wat hierdie nuwe plig geskep het en wou afgedwing het, was die mag van predikante om teenoor lidmate as bemagtigde geestelike leiers op te tree.

Hierdie geestelike mag het al deel van die NG Kerk se kerklike vergaderinge geword in die AS van 2004. Hier is die mandaat van kerklike vergaderinge verskuif van die vergadering na die geestelik bemagtigde leiers, soos wat hierdie geestelikes hulle self noem. Hierdie leiers het in die vergadering hulle self die mag kerkregtelik toegeëien om met visies, missies, visioene, drome en die stem van God, kerklike vergaderinge voor te gaan op so wyse dat die vergaderinge hierdie leiers moet navolg.

Dit was toe reeds met die oog ook op die aanvaarding van die Belharbelydenis. Geestelike leiers het nou bemagtig gevoel om die voorbeeld te wees van hoe hierdie belydenis geleef en geglo moet word, sodat hulle net nagevolg moet word, omdat hulle God volg en lidmate hulle moet volg.

In die stemming oor hierdie belydenis het hierdie geestelikes hierdie mag tot 'n stemprosedure probeer verhef. Dit is hoekom hulle besluit het Sinodes moet voor lidmate eers die Belharbelydenis goedkeur en dan kan lidmate eers daaroor stem. Want in hulle gemoed is hulle die navolgers van God in die besluite van die AS. Dit is ook hoe hulle dit probeer afdwing het: hulle is die leiers wat God se stem gehoor het. Daarna het die ander leiers wat God navolg as Sinodes gestem en dan moes lidmate volgens hierdie nuwe plig van leraars, hulle geestelike leiers se voorbeeld navolg.

Met die verset van die kerkraad van Levubu is die AS en geestelikes wat hierdie voorbeelde van navolging van God wou wees, hulle kerkregtelike mag daartoe ontneem.

Ons gee vir u graag die hele kerkregtelike verloop van hierdie saak soos dit binne die NG Gemeente, die Ring van Louis Trichardt en die Noordelike Sinode afgespeel het.

**Bylaag I OPDRAG AAN DS. KRIEL: GEE AAN DIE KERKRAAD 'N BYBELUITLEG VAN "NAVOLGING".**

**DIE INHOUD VAN ONS NAVOLGING VAN JESUS CHRISTUS**

1.**Die nuwe gehoorsaamheid**.

Ons word net deur Christus gered en ons deel in hierdie redding alleen deur ons geloof in Christus.(In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."Romeine 1) Ons hoef glad nie meer die wet te onderhou om deur God gered en

vergewe te word nie.([28] Ons betoog is tog dat ’n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie. Romeine 3).

Christus skaf nie die wet af deurdat Hy ons net deur sy lyding en opstanding vergewe nie. Hy gee aan Christene se gehoorsaamheid ’n heel nuwe betekenis omdat Hy ons net deur die Evangelie regverdig maak. ([17] “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Mat. 5)

Hierdie nuwe manier om die wet van die Here te gehoorsaam noem Paulus “geloofsgehoorsaamheid” ([5] deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene ter wille van sy Naam, Rom. 1; tot gehoorsaamheid van die geloof – Rom. 16 1933 vertaling)

Daar is drie woorde waarmee die Here Jesus hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie beskryf: selfverloëning, kruisdra en navolging.(Mat. 16:24) Elke keer as ons een van hierdie woorde in die nuwe Testament kry, is dit ’n beskrywing van die gawe van nuwe gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie.

2. **Die ryk jongman en navolging van die Here**. (Lukas 18:18-30)
Hierdie ryk en invloedryke man kom na die Here met die vraag wat hy moet doen om die ewige lewe te verkry. Hy vra nie vir die Here hierdie vraag omdat hy nie die antwoord op sy eie vraag ken nie. Dit is nie volgens hierdie man ’n vraag uit onkunde nie. Dit is ’n vraag waarmee hy homself by die Here wou regverdig as goed en opreg.

Die Here antwoord hom eers soos hy graag geantwoord wil wees. Die Here wys hom daarop dat hy die Tien Gebooie moet onderhou. Dit is presies wat die man wou hoor. Want daarop verklaar hy selfversekerd dat hy die Tien Gebooie sedert hy ’n kind was volkome onderhou het.

Al wat Jesus volgens hom nou moes doen was om te verklaar dat hy regverdig en goed is: dat hy niks kortkom nie. Net hier keer die Here die hele gesprek in ’n ander rigting. Die Here sê maar hy kort wél iets. Hy moet alles gaan verkoop en dan kom en die Here volg.

Wat doen die Here met hierdie eis wat hy aan die man stel? Is dit die elfde gebod? Kan dit wees dat die Here aanvaar dat hy nog altyd die Tien Gebooie reg onderhou het, maar dat hy net vergeet het om die elfde gebod ook na te kom, dit is, om al jou goed te verkoop en vir armes te gee?

Die Here gee nie ’n nuwe gebod wat by die Tien Gebooie moet bykom nie. Die Here toets die motivering vir sy gehoorsaamheid. Sy vraag het al gewys wat is sy ingesteldheid met sy gehoorsaamheid aan die wet. Dit is om iets by God te kry. Hy wil die Tien Gebooie gehoorsaam om die ewige lewe te kry.

Dit was die rede vir ál sy gehoorsaamheid. Sy gehoorsaamheid het hom ’n invloedryke en ryk man gemaak. Mense doen graag besigheid met eerlike en beginselvaste mense. Mense vertrou graag eerlike en opregte mense met mag. Dit was die rede vir hierdie man

se gehoorsaamheid: dit het hom ryk, betroubaar, suksesvol en invloedryk gemaak by mense en by God wou hy nou sommer dan ook die ewige lewe ontvang vir sy gehoorsaamheid.

3. **Navolging van Christus is 'n nuwe manier van gehoorsaamheid**.
Hoe gehoorsaam ons Christus? Christus stap voor en doen alles sodat ons die ewige lewe verkry sonder om die wet te onderhou. Wat moet ons dan doen as ons agter Christus aangaan? Alles wat ons vir Christus doen, is sonder om enige vorm van beloning te verwag vir ons gehoorsaamheid.

Nou hoekom doen ons dit dan? Net omdat God dit van ons vra! Dit is die nuwe manier om die Here te gehoorsaam. Ons gehoorsaam God net omdat God is. Daar is geen ander rede hoekom ons God gehoorsaam nie. Dit is heeltemal 'n ander tipe gehoorsaamheid as om te verwag dat God ons moet beloon vir gehoorsaamheid.

'n Ander manier waarop ons hierdie gehoorsaamheid kan beskryf – is dankbaarheid. Die Here stap voor en doen alles om ons regverdig en heilig te laat wees deur sy lyding en opstanding. Hoe volg ons Hom dan in gehoorsaamheid? Ons volg Hom en doen alles wat Hy vir ons sê, omdat ons alles uit genade ontvang.

In die Reformasie is dit só gestel: ons gehoorsaamheid God se gebooie net tot sy eer en net uit dankbaarheid uit. Ons gehoorsaam God net tot sy eer. Dit beteken dat ons niks anders nodig het as net God se wil om ons gehoorsaam te laat wees nie. Geen beloning nie, geen verduideliking nie en geen aanmoediging nie. Omdat God God is, luister ons na sy wil. Ons gehoorsaam God uit dankbaarheid. Ons gehoorsaam God omdat Hy ons alles skenk wat God skenk sonder dat dit enige iets met ons gehoorsaamheid te doen het. God gee wat Hy vir ons gee omdat Hy ons liefhet.

4. **Navolging as nabootsing van die Here**.
Teenoor hierdie Bybelse en evangeliese nuwe gehoorsaamheid is daar nog altyd probeer om die navolging van die Here iets anders te maak as gehoorsaamheid aan sy wet tot eer van God en uit dankbaarheid uit.

Dit was in die Rooms Katolieke Kerk tot 'n fyn geestelikheid ontwikkel. Hulle navolging was nabootsing van die Here. Soos die Here aangetrek, geslaap en geëet het, so het priesters en geestelikes probeer om die Here in sy eet-, leef- en slaapgewoontes na te boots. Soos die Here gely en gesterf het, het hulle ook probeer om die Here in sy lyding en sterwe te volg en hierdie dade van die Here na te boots in hulle eie lewe.
Uit hierdie nabootsing van die Here het die onderskeid ontwikkel van mense wat die Here navolg en ander gewone mense wat nie die Here navolg nie, al gehoorsaam hulle ook die gebooie van die Here uit dankbaarheid en tot eer van God.

Daarom het hulle die oortuiging uitgeleef dat priesters en nonne die Here navolg, maar nie die gewone Christene nie. Hulle was die regverdiges en die heiliges, nie die gewone lidmate nie.

5. **Paulus wys sy kollegas om ’n voorbeeldige lewe te leef.**
Die Griekse woord wat vir hierdie nuwe manier van gehoorsaamheid aan God gebruik word in Matteus, Markus en Lukas is “akolotheou” (ακολουθέω).

In die briewe van Paulus en Johannes word ’n heel ander woord gebruik vir ’n heel ander saak. Hierdie woord is “miemêomaai” (μιμέομαι). Hier is vier teksplasings vir hierdie woord:

“Tot op hierdie oomblik ly ons honger en dors, ons is armoedig aangetrek en word mishandel. Ons swerf rond [12] en werk hard met ons eie hande. Ons word uitgeskel, en ons antwoord met seënwense; ons word vervolg, en ons verdra dit; [13] ons word beledig, en ons bly vriendelik. Ons het die uitvaagsels van die wêreld, die skuim van die samelewing geword, en dit is nou nog so.[14] Hierdie dinge skryf ek nie om julle skaam te maak nie, maar om julle as my geliefde kinders tereg te wys, [15] want al sou julle ook duisende leermeesters in Christus hê, baie vaders het julle nie. Deur die verkondiging van die evangelie is ek in Christus Jesus julle vader. [16] **Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld**!” (μιμηταί μου γίνεσθε)1 Korintiërs 4

“[29] Ek bedoel nou nie jou eie gewete nie, maar dié van die ander man. “Waarom,” sou jy vra, “moet my vryheid beperk word deur ’n ander man se gewete? [30] As ek iets met danksegging geniet, waarom word daar van my kwaad gepraat oor iets waarvoor ek God dank?” [31] Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. [32] Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie. [33] Maak soos ek: ek probeer om almal in alles tegemoet te kom. Ek soek nie my eie belang nie maar dié van baie ander, sodat hulle gered kan word.**11 Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg**.” (1 Korintiërs 10,11)

“Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, **moet julle sy voorbeeld volg**. (γίνεσθε ούν μιμηταί το θεού, ώς τεκνα αγαπητα [2] Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as ’n offergawe gegee het, ja, ’n offer wat vir God aanneemlik was. [3] Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie.” Efesiërs 5

[6] Ons beveel julle, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus: Onttrek julle aan elke broer wat leeglê en hom nie hou aan die opdragte wat julle van ons ontvang het nie. [7] **Julle weet self watter voorbeeld ons vir julle gestel het om te volg.** Ons het nie daar by julle leeggelê [8] of op ander geteer nie. Inteendeel, ons het dag en nag geswoeg en gesweet om nie vir een van julle ’n las te wees nie. [9] Nie dat ons nie die reg het op onderhoud van julle nie, **maar ons wou vir julle ’n voorbeeld wees wat julle moet volg**. [10] Toe ons nog by julle was, het ons vir julle uitdruklik gesê: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.” 2 Tessalonisense 3

Hier word gepraat van voorbeeld stel en voorbeeld volg. Dit is heeltemal iets anders as die navolging van die Here. Die navolging van die Here is die nuwe tipe gehoorsaamheid binne in die evangelie: gehoorsaamheid net tot eer van God en net uit dankbaarheid uit.

Hier gaan dit oor voorbeeldige gedrag volgens die Tien Gebooie. Wie het volgens die wet van God vir ons voorbeeldig opgetree? Dit is die Jesus Christus. Hy het God liefgehad met sy hele hart, siel, verstand, al sy krag en sy naaste soos Homself.

Wie moet ook voorbeeldig optree soos wat die Here vir ons dit deur sy gedrag volgens die Tien Gebooie gewys het? Almal! Nie net dominees en kerkraadslede nie. Wie kan ’n voorbeeld vir ander Christene wees van goeie en voorbeeldige gedrag? Almal! Elke Christen wat volgens die wil van die Here optree is ’n voorbeeld vir alle ander Christene, nie net dominees nie.

## 6. **Die verskil tussen navolging en voorbeeld stel: die onderskeid tussen die evangelie en wet.**

Waaroor gaan die onderskeid tussen hierdie twee sake: navolging (ακολουθέω) en voorbeeld stel (μιμέομαι)?

Dit gaan oor wet en evangelie. Die verskil tussen die twee begrippe navolging en voorbeeld stel, gaan oor die groot verskil tussen die wet en die evangelie in die Bybel. Die evangelie gaan oor Christus en dit wat Hy doen om ons deel te maak van die nuwe lewe in Christus. Die Tien Gebooie gaan oor hoe mense se gedrag moet wees.

Navolging gaan oor die heilsbetekenis van die werk van die Here. Sy heilswerk bewerk vir ons 'n nuwe gehoorsaamheid aan God. Daarom is die inhoud van navolging geloof in die Here en die nuwe geloofsgehoorsaamheid wat die Here vir ons moontlik maak.

Voorbeeld stel gaan oor die ons gedrag volgens die Tien gebooie. Dit gaan oor die doen van die dade van die wet. Hierin was die Here vir ons 'n voorbeeld. Die wyse waarop Hy die Tien Gebooie na gekom het in sy gedrag, is die voorbeeld van hoe ons ook die Tien Gebooie moet nakom in ons optredes.

Navolging gaan nie oor die Here as 'n voorbeeld nie. Navolging gaan oor die heilswerk van die Here waarin Hy ons voorgaan en waarin ons nie sy voorbeeld kan of mag probeer volg nie. Navolging gaan oor die heil en nuwe lewe binne die heil wat Hy vir ons moontlik maak. Navolging gaan oor die gawe van 'n nuwe lewe deur geloof en die gawe van 'n nuwe gehoorsaamheid.

Hier is 'n voorbeeld van hoe Luther hierdie onderskeid ontdek het en deel van die Reformasie was. Luther stel dit só in sy werk: 'n Kort samevatting van wat 'n mens in die evangelie moet soek en verwag 1522:

*" 'n Mens mag nie van Christus nog 'n Moses maak nie, asof Hy niks meer doen as om (ons) te leer en voorbeelde te gee, soos ander Heiliges ook maar doen nie, dit is, asof die Evangelie 'n leer en wetboek is nie! Daarom moet Christus se Woord, werk en lyding op twee wyses gesien word. Eerstens as voorbeeld wat vir ons voorgehou word. Hierin moet jy volg en ook so doen. Soos Petrus dit stel: 1 Pet. 2:21 "Christus het vir ons gely en daarmee vir ons 'n voorbeeld gestel" Net soos wat jy Christus sien bid, vas, mense help, en lief hê, net so moet jy ook ten opsigte van jou self en jou naaste doen. Maar dit is amper glad nie die evangelie nie, en dit kan nog nie regtig Evangelie genoem word nie. Want hiermee is Christus nie meer werd as enige ander Heilige nie. Sy lewe bly sy eie en help jou tog eintlik niks nie. En saamgevat: hierdie manier maak niemand 'n Christen nie, dit maak net huigelaars. Daar moet nog totaal iets anders gebeur......Die kern en die fondament van die Evangelie is dat jy voor jy Hom tot voorbeeld neem eers aanneem en erken as 'n gawe en geskenk, wat aan jou gegee is deur God en jou eie is."*

Navolging gaan oor die ontvang van en leef uit die gawe van God – ’n nuwe lewe en ’n nuwe gehoorsaamheid. Dit is heeltemal iets anders as om die Here as voorbeeld te neem van gedrag wat gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie is en wat ons ook moet doen.

**7. Die nuwe artikel 9.2 vermeng die begrippe navolging en voorbeeld stel**.
Die nuwe artikel 9.2 wat die pligte van dominees beskryf klink só:
"“en ’n navolger van Christus te wees op so ’n manier dat ander hom/haar kan navolg.”

Wat bedoel hierdie artikel?

Hierdie artikel neem die sinskonstruksie van 1 Korintiërs 11: **“11 Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.”** maar verander die Pauliniese woord “voorbeeld stel” (μιμέομαι) na die woord in die Sinoptiese evangelies “navolging”. Hierdeur word (ακολουθέω) “navolging”, wat uitsluitlik die wyse is waarop alle dissipels verbind is tot die Here, nou ’n verbintenis tussen Paulus en die ander dissipels van die Here.

Navolging is iets anders as om ’n voorbeeldige lewe te leef. Ons kan vir mekaar voorbeelde wees van gehoorsaamheid aan die Tien gebooie en ons kan mekaar se voorbeelde volg.

Maar navolging gaan oor die nuwe gehoorsaamheid net tot eer van God en net uit dankbaarheid uit. Hierdie nuwe lewe en nuwe gehoorsaamheid is ’n gawe van God wat ons deur ons geloof ontvang en in die geloof uitleef.

Wat verwag hierdie nuwe artikel van leraars deur hierdie omruil en uitruil van geloofsbegrippe?

Daar is verskeie moontlikhede!

1.Die een kan net wees dat die predikant voorbeeldig moet leef soos die Here voorbeeldig geleef het en soos almal voorbeeldig moet leef. Dit doen alle leraars en lidmate nog altyd en daaroor hou die kerkraad nog altyd toesig oor leraars en lidmate. Dit beteken dat die leraar en lidmate voorbeeldig moet optree volgens die wet soos die Here ook voorbeeldig volgens die wet opgetree het. (μιμέομαι)

2. Maar as hierdie artikel na “navolging” (ακολουθέω) verwys, dan beteken dit dat die dominee die Here in sy heilswerk moet navolg. Die lidmate moet dan nie die Here self in sy heilswerk navolg nie, hulle moet die dominees volg as voorbeeld van die Here se heilswerk wat as tussenganger tussen hulle en die Here optree.

Dan het ons met die ou Roomse dwaling te doen van die nabootsing van die Here. Net die dominee boots die Here na. Die lidmate kan nie self die Here naboots nie, hulle moet nou maar te vrede wees om die dominee te volg. (μιμέομαι)

3. Nog ’n moontlikheid is dat die dominee die Here moet navolg (ακολουθέω) en die

lidmate moet dan die dominee se voorbeeld volg (μιμηταί) om ook die Here na te volg. Dan beteken dit die lidmate moet nes die dominee die Here net uit dankbaarheid en net tot eer van God gehoorsaam.

Dit is die onduidelikheid wat ontstaan as die Bybelse onderskeid tussen navolging (ακολουθέω) en voorbeeld volg (μιμέομαι), nie duidelik gehandhaaf word nie.

8. **Leraars en lidmate volg die Here na en volg ook sy voorbeeld in sy gedrag**.
Een saak bly egter verseker – daar kan geen onderskeid wees tussen die navolging en die voorbeeldige lewe waartoe lidmate en leraars verbind is nie.

Elke lidmaat moet die Here navolg: elke lidmaat moet net tot eer van God en net uit dankbaarheid uit God gehoorsaam wees. Hierdie nuwe gehoorsaamheid is die gawe van God se genade in Christus. Dit is nie en kan nooit die voorreg van ’n dominee alleen wees nie.

Verder moet elke lidmaat voorbeeldig leef en elke lidmaat kan en moet vir ander tot voorbeeld wees. Dit is alles en behalwe so dat net dominees die voorbeeld vir goeie gedrag kan wees!

Nie een van hierdie twee geloofsake kan net die dominee se manier van gehoorsaamheid wees terwyl lidmate ’n ander manier van gehoorsaamheid het nie.

Dit is hoekom hierdie artikel onduidelik is- dit kan baie dinge beteken en dit word nie uitgespel wat die werklike betekenis van die sin is nie.

Die werklike onduidelikheid is dat hierdie sin twee verskillende geloofsake: navolging en om ’n voorbeeld te stel aan die orde te stel, sonder die duidelike onderskeid oor wat hierdie twee Bybelse sake beteken. Die onderskeid tussen wet en evangelie het weggeraak in hierdie artikel se bewoording.

9. **Bedoelde onduidelikheid?**
Die moontlikheid dat die NG Kerk hier die deur oopgemaak het, wetend of onwetend, na die nabootsing van die Here in plaas van die Bybelse navolging is nie noodwendig uitgesluit nie. Dit gaan oor ’n verkeerde soort leierskap vir leraars wat plek-plek binne in die NG Kerk aan die orde kom.

Indien hierdie navolging van die Here nie die gewone geloof in die evangelie en die gewone dankbaarheidslewe volgens die Tien Gebooie is nie, het ons hier met ’n nuwe vroomheid te doen.

Maar hierdie vroomheid word nie verwoord of verduidelik nie.

Die geloof in die evangelie en die dankbaarheidslewe is helder en duidelik verwoord in die drie belydenisskrifte van die NG kerk. Indien hierdie artikel ’n nuwe vroomheid verwoord, is dit totaal onduidelik wat die inhoud van hierdie navolging is.

Indien hierdie woordeloosheid oor hierdie artikel bedoel is, dan beteken dit dat ons in hierdie artikel ’n nuwe subjektiewe en onmeetbare waarde het wat as plig aan die leraar voorgeskryf word.

Hierdie subjektiewe en onmeetbare waarde as plig, plaas beide die leraar en kerkraad in ’n onhoudbare posisie.

Vir die leraar en kerkraad kan dit beteken dat elke mens self kan besluit hoe en wanneer is of hoe en wanneer is die leraar nie ’n ware navolgeling van die Here nie. Hiermee word die leraar en kerkraad aan onverwoorde subjektiewe en onmeetbare waardes uitgelewer deur mense wat self oor die geloof en lewe van die leraar sal besluit.

Die ander moontlikheid is dat die leraar juis deur hierdie artikel teenoor die kerkraad bemagtig word. Die leraar is die enigste navolger van God volgens ’n subjektiewe onmeetbare waarde. Dit beteken dat die leraar kan in enige saak sy eie mening en optrede motiveer as sou dit “navolging” van God wees met die eis dat die kerkraad en lidmate hom gewoon net as voorbeeld moet volg, sonder dat hulle die leraar se mening en optree kan toets aan die inhoud van die geloof en lewe soos verwoord in die belydenisskrifte.

10. **Opklaring dringend nodig**.
Opklaring oor hierdie onduidelikheid is dringend nodig. Die kerkraad kan nie gevange gehou word deur die kerkorde om ’n subjektiewe en onmeetbare waarde as plig op die leraar af te dwing nie.

Dit kan gebeur indien die kerkorde só hanteer word dat ’n besluit van die Algemene Sinode bindend is solank as wat die besluit nie verander is nie, maar dat die toepassing van die besluit nie aangespreek word in die tussentyd nie.

Dit is onhoudbaar. Hierdie soort toepassing van die kerkorde sal tot kwessies in die arbeidshof lei. Geen kerkraad kan ’n leraar aan ’n subjektiewe onmeetbare waarde bind as werkgewer nie, nie eers vir ’n kort tydperk nie, wat nog van ’n onbepaalde tydperk!

Die Algemene Sinode kan ook nie kerkrade gevange hou deur hulle as werkgewer volgens die kerkorde te dwing om ’n subjektiewe onmeetbare waarde as plig voor te skryf nie. Al is dit ook net vir ’n kort tussentyd nie. Dit plaas die kerkraad en leraar in ’n onbillike arbeidsposisie teenoor mekaar.

## Bylaag II EERSTE BRIEF AAN DIE AKTUARIUS EN SINODE

Die Kerkraad
NG Gemeente Levubu
Posbus 46
Levubu
0929

28.03.2008

Die Aktuarius
Noordelike Sinode

Geagte dr. Ungerer.

Kerkraadsbesluit oor ds. Kriel se verbintenis tot artikel 9.2

1.Graag gee ons aan u die besluit van die kerkraad oor ds. Kriel se verbintenis tot artikel 9.2 weer.

2. Ons het besluit dat hy nie aan die nuwe toevoeging oor navolging van Christus as ’n bedieningswyse verbind is nie.

3. Ons is van oortuiging dat hierdie besluit teen die belydenisse van die NG Kerk is met name artikel 30 van die NGB en vraag en antwoord 32 van die Heidelbergse kategismus.

4. Ons siening is dat die navolging van Christus niks anders kan wees as die geloof en gehoorsaamheid waartoe elke Christen verbind is nie. Daar is geen onderskeid tussen ’n leraar en lidmaat se navolging van Christus nie. Hierdie nuwe toevoeging tot artikel 9 doen dit wel. Dit is teen die inhoud van die geloof wat ons bely dat elkeen as Christen tot dieselfde navolging verbind is in HK 32.

5. Ons siening is dat net die Woord, sakramente en tug die wyses is waarop Christus sy kerk regeer. Die nuwe toevoeging maak van die leraar se gehoorsaamheid ’n bedieningswyse waardeur Christus die kerk regeer. Dit is teen die inhoud van ons belydenis oor die wyse waarop die Here sy kerk regeer met name NGB 30

6. U sal verstaan dat ons as kerkraad nie aan besluite waarin die Algemene Sinode teen sy eie belydenisinhoud besluite geneem het, verbind kan wees nie. Die Algemene Sinode het gewoon nie die gesag om besluite te neem wat teen die inhoud van sy eie belydenisse indruis nie.

7. Ons sien dit ook nie so dat ons aan hierdie besluit gebind is totdat die Algemene Sinode oortuig is dat hy in stryd met sy eie belydenisse opgetree het nie. Die teenstrydigheid is voor die handliggend en duidelik.

8. Ons is egter bereid om in gesprek te gaan met enige betrokke vergadering of kommissie om ons oortuiging oor die onhoudbaarheid van hierdie nuwe toevoeging tot artikel 9 te verduidelik en die volle aanspreeklikheid te dra vir hierdie besluit. Ons glo dat ons mekaar maklik hierin sal vind – want die Algemene Sinode het gewoon net ’n fout gemaak soos ons almal kan maak.

9. Ons leraar is verbind tot die navolging van Christus as deel van sy amp as Christen en daarvoor sal die kerkraad oor hom toesig hou soos oor elke ander lidmaat.

10. Dat die Algemene Sinode ’n nuwe bedieningsmiddel tot die gemeente kom toevoeg naas die bediening van Woord, sakramente en tug verwerp ons. Geen leraar se gehoorsaamheid aan die Here kan ’n bedieningsmiddel wees wat hy aan ons gemeente kom toevoeg nie. Ons is sonder sy gehoorsaamheid volledig gemeente van die Here.

11. Graag versoek ons u as aktuarius om hierdie saak vir ons op te neem en in die nodige vergaderinge of kommissies aan die orde te stel met vrymoedigheid – en ons sal u leiding volg waar en soos dit nodig is om volledig deel van die gesprek wees.

12. Ons is ook nie seker hoe om hierdie posisie, om as ’n gemeente ’n besluit van die Algemene Sinode in stryd met die belydenisse te moet teengaan, binne die orde en reg van die kerk te hanteer nie. Ons het reeds aan die ring van Louis Trichardt kennis van die besluit gegee. Enige aanbeveling van u kant hoe om hierdie saak binne orde en na behore aan te spreek sal ons opreg waardeer.

Vriendelike Groete

Die Kerkraad: NG Gemeente Levubu.

**BYLAAG III**
**DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE SE ANTWOORD AAN DIE KERKRAAD.**

## Nederduitse Gereformeerde Kerk

ALGEMENE TAAKGROEP REGTE
**VOORSITTER**
Dr JH Ernst
Posbus 17143
LYTTELTON
0140
Tel : 012-667-2969
E-pos :
jhernst@tiscali.co.za
bevoegdheid@ngkerk.org.za

6 Mei 2008
Ds PJ Kriel
Voorsitter: Die Kerkraad
NG Gemeente Levubu
Posbus 46
**LEVUBU**
0929
Geagte Dominee Kriel

# BESLUIT VAN DIE ATR VIR U AANDAG

Op sy vergadering van 13-15 Mei 2008 het die ATR die volgende besluit vir u aandag geneem :
**PJ KRIEL**

Die volgende besluit van die kerkraad van Levubu is onder die aandag van die ATR gebring (Die volledige skrywe word vir u aandag aangeheg):

Die kerkraad van die NG Gemeente Levubu het op sy vergadering van 26.02.2008 die volgende besluit geneem: Die kerkraad onthef ds. Kriel van die kerkorde artikel 9.2 se gedeelte wat as volg lees: “en ’n navolger van Christus wees op so ’n manier dat ander hom/haar kan navolg”.
Die ATR wys daarop dat ’n mindere vergadering nie by magte is om eensydig besluite van meerdere vergaderings, by name kerkordelike artikels, op te skort sonder uitputting van die ordelike kerklike kanale vir die aanteken van besware (byvoorbeeld _ gravamen) nie (vgl. *Kerkorde 2007* Art.23). Die ATR benadruk dit dat die eensydige opskorting van *Kerkorde* artikels baie ernstige implikasies inhou vir leraars, kerkrade en gemeentes.

Die interpretasie wat ds. Kriel en die kerkraad van Levubu aan *Kerkorde 2007* Art.9.2 gee, is eensydig en nie korrek nie. Hierdie artikel is in ooreenstemming met byvoorbeeld 1 Timoteus 4$_{6v}$ en 1 Korintiërs 11$_{1}$.

Die ATR versoek die Moderamen van die Noordelike sinode om met ds. Kriel en die kerkraad van Levubu in gesprek te tree.
Seën toegebid op u arbeid
Die Uwe in Christus
Ds HJ Kleynhans
**Skriba: ATR**

**BYLAAG IV**
**DIE KERKRAAD SE OPSTEL VAN ’N BESWAARSKRIF EN VERSOEK VOLGENS DIE LEIDING WAT DIE AKTUARIUS EN SINODE ONS GEGEE HET.**

**Die Kerkraad**
**NG Gemeente Levubu**
**Posbus 46**
**Levubu**
**0929**

**28.08.2008**

**Die Noordelike Sinode**

**Geagte broers en susters**

## 1. Gravamen van die kerkraad van die NG Gemeente Levubu oor artikel  artikel 9.2 en 2. versoek oor die tussentydse toepassing.

**1. GRAVAMEN**

Hiermee dien ons ’n gravamen in teen die laaste deel van artikel 9.2 van die kerkorde met name die woorde : “en ’n navolger van Christus te wees op so ’n manier dat ander hom/haar kan navolg.” Ons versoek dat hierdie gedeelte van artikel 9.2 moet verval.

## Motivering

**Motivering**

1.Artikel 9 gaan oor die ampspligte van die leraar, dit gaan nie oor die geloof en lewenswyse van die leraar nie.
2. Die leraar is verbind tot die Christelike geloof en lewenswyse deur die belydenisskrifte van die kerk oor die inhoud van die Evangelie en die wet van die Here op presies dieselfde wyse as enige ander lidmaat van die NG Kerk
3. Daar is geen spesiale en ander lewenswyse wat van ’n leraar verwag word anders as wat van elke lidmaat verwag word nie.
4. Die geloof in die Here volgens die Evangelie en die toewyding aan die Here volgens die wet van God, is nie ’n ampsplig van die leraar nie.
5. Die leraar is verplig tot die verkondiging van die Evangelie en die bediening van die sakramente. Dit is twee van die middele waardeur die Here sy kerk regeer. Die uitoefening van die tug is die derde middel en dit word in besonder aan die ouderlinge opgedra.
6. Die leraar se geloof in die Here en sy gehoorsaamheid aan die wet van die Here is nie een van die middele waardeur die Here die kerk opbou en regeer nie.
7. Die nuwe artikel 9 stel die leraar se geloof en gehoorsaamheid gelyk aan die drie middele waardeur die Here die kerk regeer. Dit word in 9.2 gelyk gestel aan die bediening van die Woord en die bediening van die sakramente.
8. Die nuwe artikel 9.2 verhef die geloof en gehoorsaamheid van die leraar tot ’n hoër vorm van geloof en gehoorsaamheid as die van die lidmate: die leraar se geloof en gehoorsaamheid is navolging van Christus, sonder enige tussenganger. Die lidmate se geloof en gehoorsaamheid is navolging van die leraar as tussenganger tussen God en hulle.
9. Die kerkraad stel dit dat hierdie ’n miskenning is van die amp van leraar. Volgens die Gereformeerde oortuiging is daar geen onderskeid in die navolging van Christus tussen leraars en lidmate nie.
10. Hierdie anderste geestelikheid vir leraars as lidmate is die dwaling van die Pinkster en Rooms Katolieke bygelowigheid.
11. Dat die leraar ’n geestelikheid sou bedien as tussenganger tussen God en lidmate is afgodsdiens. Die leraar moet die Woord van God en die sakramente aan die gemeente bedien, nie sy eie geestelikheid of eie gehoorsaamheid aan God nie.
12. NG leraars kan nie met hulle lewe of hulle gehoorsaamheid as ’n geestelike rolmodel dien wat geestelik hoër of anders is as die geloofsgehoorsaamheid waartoe elke lidmaat van die gemeente verbind is nie. Hulle gehoorsaamheid is net soos elke ander lidmaat alleen vir God genoegsaam deur die Evangelie.
13. Daar kan geen geestelikheid wees waarin die lidmate nie self Christus navolg in die bediening van die Woord en sakramente nie, maar die leraar in sy navolging moet navolg nie.
14. Ons is van oortuiging dat hierdie besluit teen die belydenisse van die NG Kerk is met name artikel 30 van die NGB en vraag en antwoord 32 van die Heidelbergse

kategismus. Artikel 30 bepaal wat leraars moet doen en daar is geen verwysing in die belydenisskrif dat die predikant 'n rol model van een of ander geestelikheid moet wees nie. Dit is ons siens 'n toevoeging tot die belydenis wat sommer van die vloer sonder die nodige twee-derde stem vir die wysiging, verandering of toevoeging van belydenisskrifte het. Dieselfde geld vir vraag en antwoord 32. Hierdie is 'n toevoeging tot die wyse waarop 'n predikant 'n Christen moet wees, anders as lidmate se Christen skap. Dit is ook sonder enige twee derde meerderheid gedoen, sonder om enige verant woording ten opsigte van vraag en antwoord 32 te doen.

15. Dit is die kerkraad se siening is dat die navolging van Christus niks anders kan wees as die geloof en gehoorsaamheid waartoe elke Christen verbind is nie. Daar is geen onderskeid tussen 'n leraar en lidmaat se navolging van Christus nie. Hierdie nuwe toevoeging tot artikel 9 doen dit wel. Dit is teen die inhoud van die geloof wat ons bely dat elkeen as Christen tot dieselfde navolging verbind is in HK 32**.**
16. Dit is die siening van die kerkraad dat net die Woord, sakramente en tug die wyses is waarop Christus sy kerk regeer. Die nuwe toevoeging maak van die leraar se gehoorsaamheid 'n bedieningswyse waardeur Christus die kerk regeer. Dit is teen die inhoud van ons belydenis oor die wyse waarop die Here sy kerk regeer met name NGB 30.
17. Dit is die oortuiging van die kerkraad van Levubu dat die Algemene sinode besluite geneem het wat in stryd is met sy eie belydenisinhoud.
18. Die Algemene Sinode kan nie 'n nuwe bedieningsmiddel tot die gemeente kom toevoeg naas die bediening van Woord, sakramente en tug sonder om die inhoud van die belydenisskrifte oor die regering van Christus oor die kerk te verander nie. Geen leraar se gehoorsaamheid aan die Here kan 'n bedieningsmiddel wees wat hy aan ons gemeente kom toevoeg nie. Gemeentes is sonder die gehoorsaamheid van 'n leraar volledig gemeente van die Here.

**2. VERSOEK**

**Graag versoek die kerkraad die Noordelike sinode om die kerkraad te wys wat die leraar se navolging van Christus moet wees anders as lidmate s'n of alternatiewelik dat die sinode leraars van hierdie artikel vrystel tot en met die leiding van die Algemene Sinode.**

**Motivering.**

1.Hierdie artikel plaas leraars in 'n onhoudbare arbeidsposisie indien geen kerkvergadering voor die hantering van die gravamen leiding kan gee oor hoe leraars hierdie plig moet uitvoer nie.

2. Die kerkraad van Levubu het weens die onbillike arbeidspraktyk om 'n leraar aan 'n plig te verbind wat nie aan hom verduidelik kan word nie, die leraar van hierdie gedeelte van die artikel onthef, met kennisgewing aan die regskommissie van die Noordelike Sinode en die Algemene Sinode.

3. Die ARK het ons kennis gegee dat ons dit nie mag doen nie, met die verduideliking dat ons siening eensydig is en met verwysing na twee teksverse. Hulle het egter nie vir ons die ander siening gegee of verduidelik hoe die teksverse iets ander kan wees as geloof

in Christus en gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie nie, anders as wat enige ander lidmaat dit moet glo en gehoorsaam nie.

4. Die kerkraad weet dus nog steeds nie hoe om vir die leraar te verduidelik wat hierdie plig behels nie. Daar is geen amptelike standpunt, handleiding, reglement of belydenis-skrif oor hierdie saak nie.

5. Die kerkraad het die ring van Louis Trichardt versoek om aan hulle te verduidelik wat hierdie plig sou behels anders as om in die Evangelie te glo en die Tien Gebooie te gehoorsaam, net soos enige ander lidmaat dit moet doen.

6. Die ring het gestel dat hulle geen idee het wat hierdie plig sou behels nie en aanvaar dat die kerkraad nie hierdie plig kan eis voordat ander kerkvergaderings nie hieroor leiding gegee het nie.

7. Hiermee versoek ons die sinode in sitting of die sinode weet hoe hierdie plig nagekom moet word anders as dat die leraar soos alle lidmate in die Here moet glo en Hom moet dien volgens ons belydenisskrifte.

8. Indien u ons nie hieroor leiding kan gee nie, wys ons u op die onhoudbare regsposisie waarin leraars geplaas is: dat die kerkvergaderinge nie kan sê hoe hierdie plig nagekom moet word nie, maar dat leraars steeds daarin gebind moet bly omdat dit ’n besluit van die Algemene Sinode is. Enige lidmaat of kerkraad kan volgens sy eie geestelikheid of Bybelinterpretasie van verse nou eis dat die leraar hierdie plig moet nakom sonder dat die kerkraad of die sinode die leraar teen hierdie willekeurige eise kan beskerm of tereg wys.

**BYLAAG V**
**KLAGTE EN BESKULDIGINGS VAN DS. JAN VAN DER WESTHUIZEN TEEN DIE KERKRAAD EN DS. KRIEL VANUIT SY VISITASIEBESOEK NAMENS DIE RING.**

**12.3.3 Verslag Ringsvisitasiebesoek te Levubu**

*1 Datum van besoek: 23 Junie 2009.*

*2 Afvaardiging namens die Ring van Louis Trichardt: Ds JDN van der Westhuizen en Ouderling Dirk Meisenheimer*

**3 Besoek aan Ds PJ Kriel**
In die gesprek het Ds P J Kriel aangedui dat hy gelukkig is in die gemeente. Dat die kerkraad en gemeente hom goed behandel. Dat hy graag eendag in Levubu sou wou aftree. Dat hy hoop dat die gemeente se finansiële situasie en toestand so sal kan voortbestaan dat dit vir hom moontlik sal wees om in Levubugemeente af te tree. Hy noem ook dat hy dit sou verkies om nie na ’n ander gemeente te gaan nie, want dan sal die gemeente na sy eerste preek in verskillende spiritualteite geskok word. In sy prediking

gee hy deurentyd aandag aan die ware godsdiens en afgodsdiens en die onderskeid tussen wet en evangelie.

Ds Kriel noem ook dat hy met groot passie werk aan die saak van Art 9.2 van die Kerkorde. Hy was op die Algemene Sinode se sitting gewees en dink dat Ds Henk Gous ʼn groot fout gemaak het om voor te stel dat die predikant Christus so moet navolg dat ander hom/haar ook kan navolg. Die besluit van die Algemene Sinode is volgens hom ook nie afdwingbaar volgens die arbeidswet nie. Volgens Ds Kriel sal hy hierdie saak gemotiveerd beveg.

*4 Kerklikevisitasiegesprek met die kerkraad tydens die kerkraadsvergadering.*
In die kerkraadsvergadering verduidelik Ds Jan van der Westhuizen aan die vergadering wat die doel van die kerklikevisitasiebesoek is. Dit is om aan die Ring verslag te doen oor die algemene geestelike stand van sake in die gemeente.

4.16.1 Hantering van  diensverhoudinge.
In verband met die hantering van diensverhoudinge is deur die kommissie bevind dat die Kerkraad van Levubu hulle nie onderwerp aan die Kerkorde (Art 9.2) nie, in verbreking van Bep 26.2 van die Kerkorde. Die kommissie is van mening dat hierdie ʼn waterskeidingsaak in die Kerk kan word. Hier kan ʼn presedent geskep word wat ernstige gevolge kan inhou. As kerkrade toegelaat word om die Kerkorde te verkrag, gaan dit aanleiding gee tot chaos in die kerk. Sulke optrede kan nie geduld word nie. Die kerkraad van Levubu moes eers gewag het vir die beslissing van die Algemene Sinode nadat hulle ʼn gravamen ingedien het. Die kerkraad kan nie self ʼn besluit neem om vrystelling te verleen van sekere artikels van die kerkorde nie.
Die Moderatuur het ʼn Ad Hoc Taakspan saamgestel wat met Ds Kriel en die Kerkraad van Levubu in gesprek is oor die hantering van artikel 9.2 van die Kerkorde. Die Leraar en Kerkraad van Levubu val egter onder die opsig en tug van die Ring van Louis Trichardt en word dus by die Ring aangekla.

***5 Aanbevelings van die Kerklikevisitasiekommissie by die gemeente Levubu aan die Ring:***

***5.1 Dat die Ring die visitasieverslag in ontvangs neem.***

***5.2 Dat die Ring kennis neem van die visitasieverslag.***

**5.3 Dat die Ring die volgende klagte teen die Kerkraad en leraar van die NG gemeente Levubu as tughandeling hanteer:**

*5.3.1 Klagte teen Ds P J Kriel en die Kerkraad van Levubu.* (Vgl ook Regsopinies 2 & 3 aangeheg as RKB 7 & 8 op p36 – 39, asook Bykomende sake14.1 op p  )
Die kommissie kla Ds PJ Kriel en die Kerkraad van die NG gemeente Levubu aan by die Ring van Louis Trichardt vir tughandeling na aanleiding van die volgende besluit van die Kerkraad van Levubu:

1.1 Ampspligte van die predikant (KO artikel 9.2).
Die opheffing van ŉ frase in art 9.2 van die Kerkorde deur die kerkraad van Levubu.
BESLUIT 198.26.02.2008
5.1.2 DAT die kerkraad ds. Petrus Kriel vrystel van die laaste gedeelte van Artikel 9.2 van die Kerkorde 2007, wat soos volg lees: "en ŉ navolger van Christus te wees op so ŉ manier dat ander hom/haar kan navolg".

*5.3.2 Die Kerkraad is gebonde aan die Kerkorde.*

KO Bepaling 26.2 Huishoudelike bepalings van die kerkraad
"Die kerkraad kan huishoudelike bepalinge opstel vir sy vergaderings, werksaamhede en vir diè van die amptenare en kommissies wat deur hom aangestel word. Dergelike bepalings mag nie in stryd wees met die Woord van God, die Kerkorde en die Aanvullende Bepalings en ander besluite van die Algemene Sinode of die Noordelike Sinode nie."

*5.3.3 Slegs die Algemene Sinode mag die Kerkorde wysig of aanvul of opskort of daarvan vrystelling verleen.*

KO Art 44.3 "Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2, die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheidstem."

KO Art 45.2 "Die Algemene Sinode mag artikels van die Kerkorde, met die uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2, met 'n tweederdemeerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen."

*5.3.4 Die klagte word soos volg geformuleer.*
U word aangekla dat:
1) u die Kerkorde oortree het;
2) u, u Plegtige Legitimasieverklaring verbreek het (in die geval van Ds P J Kriel);
3) u die ondernemings en verwagtings wat u in die Beroepsbrief onderteken het, verbreek het;
4) u, u ampsbelofte as kerkraadslid verbreek het (in die geval van die kerkraad);
5) u, u ampsbelofte as leraar verbreek het (in die geval van Ds P J Kriel);
6) u die vyfde gebod oortree het;
7) u die negende gebod oortree het.

**5.4 Dat die Ring versoek word om 'n ad hoc kommissie/taakspan aan te wys om met die Kerkraad van Levubu in gesprek te tree oor hulle gesindheid soos geopenbaar in die volgende besluit van die Kerkraad en die optrede van sy afgevaardigdes na die afgelope Noordelike Sinodesitting by Weesgerus, asook 'n gesindheid wat weerspieël word in die menings van Ds PJ Kriel wat verskyn in die media en op die internet www.ngkerklevubu.co.za oor die NG Kerk en sy ampsdraers.**

Die besluit van die kerkraad van Levubu dat die leraar en ouderling van sekere bedrywighede van die Noordelike Sinodesitting verskoon word.

Rituele in die Noordelike Sinode.
Besluit 38.26.08.2008 DAT die leraar en br Edwin Hanisch (dit was toe ŉ ander ouderling wat die Sinodesitting bygewoon het) die vryheid gegun word om nie aan rituele van die Noordelike Sinode deel te neem nie.

In die verslag van die ouderling oor die Sinode sitting gehou 2-4 /9/2008 te Weesgerus. 'Lofsangsessies het gereeld op al die dae plaasgevind maar met die charismatiese optredes van baie persone en ook die baie Flam liedere wat gesing was, het ons sonder om aanstoot te gee, nie daaraan deelgeneem nie.'

'Ds Kriel het so ŉ uur voor die einde van die Sinode met verskoning vertrek en toe is daar net voor die einde ŉ groot lap met verf op die tafel geplaas is, en ons is versoek om ons palmafdrukke met verf op die lap te druk wat weer na die volgende sinode (sic) saamgebring moet word. Ek het myself toe maar verskoon aangesien die kleuterskool speletjie my nie aanstaan nie en het ek die pad terug gevat.'

Die NG Kerk en sy leraars word in die media en die internet van dinge beskuldig en aangekla sonder dat hulle in staat is om hulleself te verweer. Die Kerkraad van Levubu en Ds Kriel het ook ŉ webwerf genaamd www.**ngkerklevubu**.net waar die kerk en sy ampsdraers aangeval word. Die kommissie word versoek om ondersoek te doen of hierdie optrede nie teen die negende gebod is nie "My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder" HK v 112.

**'NG Kerk word 'n Pinksterkerk' Jun. 01 2006 11:16:32:650PM - (SA) Beeld**

**Neels Jackson**

Die NG Kerk is besig om al hoe duideliker te word wat hy in sy hart reeds is, naamlik 'n Pinksterkerk, sê 'n NG predikant in die jongste uitgawe van die internettydskrif Vox Viva.

Ds. Petrus Kriel van Levubu haal in sy stuk verskeie voorbeelde aan van gebeure wat volgens hom dié tendens illustreer.

Hy vertel byvoorbeeld van 'n NG kerk in die ooste van Pretoria wat die pos van 'n AGS-pastoor in Venda dra, terwyl predikante van die Verenigende Gereformeerde Kerk daar nie eens salarisse kry nie.

Verder het die NG kerk Moreletapark 'n AGS-pastoor as predikant vir sy bediening in Afrika-tale beroep; dr. Isak Burger, president van die AGS, preek gereeld in NG kerke; en die gemeente Rant-en-Dal wil nou ook 'n bekeringsdoop aan volwassenes bedien.

Kriel sê die onderskeid tussen die NG Kerk en die AGS kan nie meer gehandhaaf word nie. Hy voer dit daarna terug dat die twee kerke in Andrew Murray dieselfde geestelike vader het.

Daarom deel ’n groot deel van die NG Kerk met die AGS ’n teologie wat neerkom op redding deur bekering en daarna vervulling deur God se Gees.

Kriel meen dat NG lidmate daardeur van die gereformeerde teologie van redding deur geloof alleen en ’n nuwe geloofsgehoorsaamheid aan die wet vervreem is.

Dr. Kobus Gerber, hoofsekretaris van die NG Kerk, het in reaksie hierop gesê Kriel gooi ’n klomp goed bymekaar wat nie regtig met mekaar verband hou nie.

As Burger in ’n NG kerk preek, word die NG Kerk tog nie AGS nie. Gerber self het al in ’n AGS-kerk en ’n Gereformeerde kerk gepreek en hulle het nie NG geword nie.

Met Rant-en-Dal word daar ernstig gesprek oor die doop gevoer.

Daarby is Kriel se hantering van Murray, wat ook ’n boek oor die Heidelbergse Kategismus geskryf het, ongenuanseerd, sê Gerber.

Die NG Kerk het goeie ekumeniese bande met die AGS en die twee kerke deel heelwat gemeenskaplikhede, maar dit maak die NG Kerk nie ’n Pinksterkerk nie.

Gerber het gevra dat Kriel sy siening na sy sinode neem sodat dit daar getoets kan word.

**5.5 Dat die Ring versoek word om in die lig van die feit dat Ds PJ Kriel se Plegtige Legitimasieverklaring (“5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou”) in gedrang is met hierdie vrystelling van KO art 9.2, dat hy in die amp gestuit word (KO art 63.6) totdat hy 100 % die Kerkorde onderskryf.**

**Bylaes12.3.3.1** Die e-posse tussen Ds J van der Westhuizen en die aktuarius Dr D Ungerer 23 Julie 2009.

Beste Dr Dewyk Ungerer,

Ons telefoongesprek van 22 Julie 2009 het betrekking.

Ek is ’n tentmakerleraar in die NG gemeente Soutpansberg in die Ring van Louis Trichardt.

Ek is ook die konsulent van die NG gemeente Levubu. Ek het kerkvisitasie in Junie 2009 by die gemeente (leraar en kerkraad) gedoen. Ek moet ook verslag doen oor die kerkvisitasie aan die Ring tydens die komende sitting.

In stukke wat verskyn het voor die Ring laasjaar asook die kerkraadsnotules van die gemeente Levubu het daar sekere sake opgeduik waarvoor ek graag u interpretasie van die Kerkorde benodig, aangesien ek van plan is om ’n klag aanhangig te maak by die Ring oor die besluite van die kerkraad van Levubu (dankie ook vir u versekering dat dit wel kerkordelik is om ’n kerkraad aan te kla by die Ring).

Die volgende sake is van toepassing:

*1 Die ultra vires optrede van die kerkraad van Levubu.*

**1.1 Ampspligte van die predikant (KO artikel 9.2).**
Die opheffing van frase in art 9.2 van die Kerkorde deur die kerkraad van Levubu.
BESLUIT 198.26.02.2008
5.1.2 DAT die kerkraad ds. Petrus Kriel vrystel van die laaste gedeelte van Artikel 9.2 van die Kerkorde 2007, wat soos volg lees: "en ʼn navolger van Christus te wees op so ʼn manier dat ander hom/haar kan navolg".

Die presedent wat geskep word as kerkrade sekere artikels van die kerkorde nie wil aanvaar nie en dan eensydig opsê gaan ʼn onhoudbare situasie in die toekoms vir die NG Kerk skep. Hierdie situasie sal nie so gelate aanvaar kan word nie. Wat verhinder ander kerkrade, ringe ens om artikels van die Kerkorde nietig te verklaar

*1.2 Die beswaarskrif is ook nie volgens die tydskedules ingedien nie.*
*23b 6.2 ʼn Lidmaat of ʼn kerkvergadering wat hom/haar deur die beslissing van 'n kerkvergadering veronreg voel, of wat meen dat ʼn besluit instryd is met die Skrif, die Belydenis of die Kerkorde, mag binne 30 dae nadat hy/sy kennis geneem het van die besluit van die vergadering, kennis gee van appèl of beswaar (in die geval van 23b 4.3) by die skriba van die rings- of sinodale appèlliggaam binne wie se gebied die besluit geneem is.*

*23b 6.4 Die appellant moet binne 30 dae nadat hy/sy kennis van appèl of beswaar gegee het die skriba van die appèlliggaam van ʼn skriftelike uiteensetting van die gronde/redes van die appèl of beswaar (ter sake dokumentasie kan ingesluit word) voorsien, anders verval die reg op appèl.*

*1.3 Die besluit van die kerkraad van Levubu dat die leraar en ouderling van sekere bedrywighede van die Noordelike Sinodesitting verskoon word.*
Rituele in die Noordelike Sinode.
Besluit 38.26.08.2008 DAT die leraar en br Edwin Hanisch (dit was toe ʼn ander ouderling wat die Sinodesitting bygewoon het) die vryheid gegun word om nie aan rituele van die Noordelike Sinode deel te neem nie.
In die verslag van die ouderling oor die Sinode sitting gehou 2-4 /9/2008 te Weesgerus.
'Lofsangsessies het gereeld op al die dae plaasgevind maar met die charismatiese optredes van baie persone en ook die baie Flam liedere wat gesing was, het ons sonder om aanstoot te gee, nie daaraan deelgeneem nie.'
'Ds Kriel het so ʼn uur voor die einde van die Sinode met verskoning vertrek en toe is daar net voor die einde ʼn groot lap met verf op die tafel geplaas is, en ons is versoek om ons palmafdrukke met verf op die lap te druk wat weer na die volgende sinode (sic) saamgebring moet word. Ek het myself toe maar verskoon aangesien die kleuterskool speletjie my nie aanstaan nie en het ek die pad terug gevat.'

As kerkrade afgevaardigdes toestemming verleen om hulleself van sekere bedrywighede by die Sinodesitting te verskoon kan ʼn baie slegte presedent skep. Elkeen sal dan lukraak hulle onttrek en die ordereëlings van die Sinodesitting ignoreer. Wat dan van die kworum om wettige besluite te kan neem. As jy ʼn kerklike vergadering bywoon, dan word dit bygewoon met die ordereëlings van die betrokke vergadering. ʼn Mindere vergadering kan

nie ŉ besluit neem dat jy nie aan sekere reëlings van ŉ meerdere vergadering gebind is nie.

**2. Besluite van die Ringskommissie oor uitsluiting van afgevaardigdes.**

Dan wil ek verder weet of die volgende besluit van die Ringskommissie kerkregsgeldig is.

Die ringskommissie het ŉ skrywe aan kerkrade gerig waarin gestel word dat die ordereëlings vir die ringsbyeenkoms in Augustus 2008 gestel word dat geen kerkraadslid wat met die verklaring oor die betekenis van die kinderdoop verskil as afgevaardigde na die ring aanvaar sal word nie. Indien die kerkraad voel dat hulle nie met die inhoud van die verklaring saamstem of in enige opsig deur die ordereëling benadeel word, kan die kerkraad vir ŉ spesiale ringsitting aanvra.

Kan die ringskommissie kwalifikasies voorskryf waaraan afgevaardigdes na die ringsitting moet voldoen anders as wat die kerkorde voorskryf.
KO Riglyne by Artikel 26.2
C – Afvaardiging na meerdere vergaderings
Afgevaardigdes na meerdere vergaderings (vgl. KO Art. 30 en 33) word uit die korpus van <u>alle ouderlinge en diakens</u> in die gemeente gekies.

Dit is tog die rol van die Algemene Sinode om die Belydenisskrifte vas te stel wat alle afgevaardigdes moet onderskryf. Die Ringskommissie kan nie ŉ 4de Belydenis of dokument of verklaring opstel wat sy afgevaardigdes moet onderskryf nie. Die ringskommissie het nie die mag om hierdie rol te vervul nie. Kan die ringskommissie kerklike beleid voorskryf?

Vriendelike groete

Jan van der Westhuizen

**From:** <u>Dewyk Ungerer</u>
**Sent:** Friday, July 24, 2009 2:00 PM
**Subject:** RE: Navrae oor Levubu gemeente

Beste Jan

Baie dankie vir jou erns met die kerkvisitasie.

Ek het die sake vanoggend by die moderatuursvergadering bespreek.

Die Moderatuur het ’n Ad Hoc Taakspan saamgestel wat met Petrus en die Kerkraad van Levubu in gesprek is oor die hantering van artikel 9.2 van die Kerkorde. Die Moderatuur is van mening dat jy dalk in jou visitasie verslag daarna sal verwys dat die Moderatuur ook in gesprek is.

Oor die tweede saak voel ons dat dit ernstig is en dat jy dit in jou visitasie verslag moet vermeld. Ek wil, na aanleiding van vanoggend se vergadering, jou versoek om in jou verslag aan die Ring versoek om ’n ad hoc kommissie/taakspan aan te wys om met die Kerkraad van Levubu in gesprek te tree. Hierdie eerste gesprek met die karakter van ’n pastoraal en opbouend gesprek hê. Wat ons die meeste ongemaklik maak is dit wat jy beskryf as “*ŉ Mindere vergadering*

*kan nie 'n besluit neem dat jy nie aan sekere reëlings van 'n meerdere vergadering gebind is nie."* Die Moderatuur voel dat die Ring ernstig met die gemeente in gesprek moet tree oor hierdie soort van gesindheid. Dieselfde geld ook oor die saak van die afvaardiging.

Jy is heeltemal korrek dat die aanwys van afvaardiging na meerdere vergaderings deur die Kerkorde bepaal word. Dit le egter nie op die tafel van visitasie nie, maar jy sal die saak tydens die ringsitting moet hanteer. Dit wys na die optrede van die Ringskommissie – die ring sou moes besluit eerstens: of hulle binne die kerkordelike riglyne opgetree het en; tweedens: het die Ring die Ringskommissie volmag gegee om te besin en/of te besluit oor iets soos die gemeentes se afvaardiging.

Hoop dit bring 'n bietjie lig.

Groetnis

Dewyk"

## VI VERSOEK VAN DIE KERKRAAD OOR DIE PROSEDURES WAT DEURMEKAAR LOOP DEUR DIE KLAGTE TEEN DIE KERKRAAD EN LERAAR

**Die Kerkraad**
**NG Gemeente Levubu**
**2009.08.04**

**Die aktuarius**
**Noordelike Sinode**

**Geagte broer Dewyk Ungerer**

### TWEE VERSOEKE TOT 'N TUSSENTYDSE MAATREËL T.O.V. DIE DUIDELIKE EN BEHOORLIKE UITVOERING VAN 'N SPESIFIEKE GEDEELTE VAN ARTIKEL 9.2.

Graag rig ons as kerkraad aan u aktuarius en tot die verantwoordelike persone soos wat u dit mag goeddink eerstens die volgende versoek:

**Dat u 1. 'n tussentydse maatreël tref vir die a. duidelike en b. behoorlike uitvoering van die spesifieke gedeelte van artikel 9.2 wat lees: ""en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom/haar kan navolg" deur kerkrade en leraars.**

**2. dat u hierdie reëling tref voor die ringsitting van Louis Trichardt wat gehou word op die 4de en 5 de September gehou word.**

**Motivering.**

1.Die kerkraad het begin 2008 besef dat hierdie nuwe toevoeging tot die pligtestaat van die leraar onduidelik en dubbelsinnig is.

2. Die kerkraad en leraar staan in ’n werkgewer en werknemer verhouding wat deur die staatwette gereguleer word.

3. Die kerkraad en leraar is verbind tot ’n ampspligtestaat wat deur die Algemene Sinode in artikel 9 vasgestel is.

4. Die kerkraad het dadelik raakgesien dat dit ’n onbillike arbeidspraktyk is om die leraar aan ’n onduidelike plig te verbind. Dit plaas die leraar in die gemeenregtelike posisie dat hy verbind is tot ’n plig waarin die kerkraad nie vir hom kan sê wat presies sy plig behels nie, maar dat hy deur die kerkorde verbind is om hierdie onduidelik plig uit te voer.

5. Die kerkraad as werknemer het besluit om die leraar teen hierdie onduidelike plig en veral die onbillike en onregmatige gevolge wat ’n verbintenis tot ’n onduidelik plig het, te vrywaar. Die enigste wyse waarop die kerkraad dit op daardie stadium kon doen, was om die leraar van hierdie onduidelike plig vry te stel.

6. Hierdie besluit van die kerkraad was nie uit weerspannigheid teen die kerkorde van die NG Kerk gedoen nie. Die spanning waarin hierdie onduidelik plig die kerkraad plaas deur die kerkraad se verbintenis tot die Algemene Sinode pligtestaat is onmiddellik aangespreek. Hierdie saak is dadelik aan die ATR deurgegee en die probleem, en kerkraad se hantering van die probleem, is ook aan hulle voorgelê.

7. Die reaksie van die ATR was om 1. die kerkraad te wys op die ernstige implikasies van die opskorting deur ’n mindere vergadering van ’n meerdere vergadering se orde reëlings 2. om die kerkraad te wys op die wyse waarop hierdie saak aangespreek moes word. Hierdie saak is deur die moderatuur van die Noordelike Sinode verwys na die ringskommissie van Louis Trichardt.

8. Die kerkraad was weer nie weerspannig nie en het dadelik die weg gevolg wat deur die ATR aangewys is. Die kerkraad het ook in hierdie proses die advies van die aktuarius van die Noordelike Sinode ingewin en sy advies gevolg.

9. Die onduidelikheid van hierdie ampsplig is deur die ring bevestig. Die kerkraad het die ring in sitting 2008 gevra of hulle weet hoe om die artikel anders toe te pas as wat die kerkraad bereid is om dit toe te pas. Die ring het gestel dat hulle nie weet nie. Dit is as volg in die notule opgeneem: “ Die ring neem kennis en ondersteun die kerkraad in die proses om duidelikheid te kry.” (punt 16 bl.5)

10. Die kerkraad het die kerklike weg van ’n gravamen gevolg om die onduidelike formulering van hierdie artikel aan te spreek. Die gravamen is deur die Noordelike Sinode ontvang en aan die ATR deurgegee.

11. Die kerkraad het ook die onhoudbaarheid dat die kerkraad as werkgewer intussen sy werknemer aan ’n onduidelike plig moet verbind, uitgewys tydens die proses van hersiening wat deur die gravamen aan die gang gesit is.

12. Hiervoor het die aktuarius van die Noordelike sinode die kerkraad geadviseer om hierdie deel van die probleem as ’n versoek tot die Noordelike Sinode te rig. Die kerkraad het sy leiding gevolg en die gravamen en versoek gelyktydig by die Noordelike Sinode van 2008 ingedien.

13. Die Noordelike Sinode se besluit oor hierdie twee dele van die probleem is as volg:
*1 Sinodebesluit: *Die sinode*
*1. neem kennis van die laat ingekome stuk van die kerkraad van Levubu;*
*2. verwys die stuk na die SDR vir studie;*
*3. versoek die moderatuur om die kerkraad te ontmoet vir ŉ pastorale gesprek oor die tussentydse toepassing van Kerkorde artikel 9.2.*

SDR BESLUIT“[SDR 02*2008-10-17] *2 Besluit:
*2.1 Verwys die stuk vanaf Levubu na die Algemene Taakspan Regte vir beoordeling;
*2.2 Wys ’n ad hoc-taakspan aan om die hele KO art 9 te beoordeel met die oog op ’n moontlike aanbeveling aan die Algemene Sinode;
*2.3 Die lede van die taakspan is Malan Nel, Johan van den Heever, Willem Pretorius, Stefan Botha (Doornpoort), Petrus Kriel, Gerrit Cloete (sameroeper).

14. Die versoek van die kerkraad aan die Noordelike Sinode lui as volg:
“Graag versoek die kerkraad die Noordelike sinode om die kerkraad te wys wat die leraar se navolging van Christus moet wees anders as lidmate s’n of alternatiewelik dat die sinode leraars van hierdie artikel vrystel tot en met die leiding van die Algemene Sinode.”

Hierdie versoek verwoord die kerkraad se navraag aan die aktuarius oor hoe die kerkraad tydens die proses waar die onduidelike formulering deur die gravamen aangespreek moet word, die artikel moet toepas… Die sinode het op twee wyses met hierdie versoek gehandel – deur ’n studie kommissie op die artikel aan te wys 2. deur ’n onderneming om met die kerkraad in gesprek te gaan oor die tussentydse toepassing van hierdie artikel.

15. Hierdie tussentydse kommissie het vergader en die volgende besluit geneem:
“taakspan oordeel dat art 9.2b inderdaad herbeoordeel moet word maar dat dit meer sinvol sal wees as dit in ŉ konteks van die funksionering van al 4 ampte”.

Die kommissie het op grond van hierdie besluit die volgende voorstel aan die SDR gemaak wat goedgekeur is. Die taakspan het met sy werksaamhede begin en het geoordeel dat sy besinning SDR03 *2009-02-20 meer sinvol sal wees al die kerkordeartikels wat op die ampte betrekking het in die studie ingesluit kan word. Die SDR brei die taakspan se opdrag gevolglik uit om daarvoor voorsiening te maak.”

16. Die feit dat die SDR aanvaar dat hierdie kommissie gewys het dat hierdie gedeelte van die pligtestaat herbeoordeel moet word en dat hulle die kommissie se opdrag hierin nog uitgebrei het, beteken dat die SDR nie nou al in gesprek met die kerkraad kan gaan oor hierdie artikel nie want die SDR self wag vir sy kommissie se

herbesinning.

17. Die leraar het tydens die ad-hoc kommissie se vergadering daarop gewys dat hierdie gesprek uitstaande is, maar dat hy aanvaar dat die herbeoordeling die onduidelikheid van die plig aanspreek. Dit is vir die sinode tog nie moontlik om vir die kerkraad te wys hoe om hierdie artikel toe te pas as die sinode (SDR) ingestem het dat die artikel eers herbeoordeel moet word en hierdie herbeoordeling nog nie afgehandel is nie.

18. Voor hierdie herbeoordeling deur die SDR van die Noordelike sinode nie afgehandel is nie, kan die SDR nie die sinode opdrag, dat die SDR in gesprek moet gaan met die kerkraad oor hoe die kerkraad artikel 9.2 moet toepas, uitvoer nie. Hierdie uitstel van gesprek is in goedertrou deur die kerkraad aanvaar.

19. Die ad-hoc kommissie van die Noordelike Sinode het nes die ring die onduidelikheid van hierdie voorgeskrewe plig aanvaar. Die SDR het dit ook aanvaar in die besluit om die opdrag nog verder uit te brei.

20. Die posisie van die kerkraad as werkgewer teenoor sy werknemer in hierdie proses is heel duidelik vervat in die gravamen.

.1 Die kerkraad volg die kerklike weg om die onduidelike plig se formulering aan te spreek.
.2 Die onduidelikheid van die plig is nie meer net die mening van die kerkraad nie, dit is die mening van die ring van Louis Trichardt in sitting 2008 gewees en dit is die mening van die SDR wat die herbesinningstaak van sy kommissie onderskryf het.
.3 Die kerkraad het ook die tussentydse toepassing aangespreek in sy gravamen. Die kerkraad stel hom nie weerspanning op teenoor die artikel nie. Die kerkraad moes in die onduidelikheid wat daar is kies vir ’n toepassing binne die orde en belydenis.
.4 Die kerkraad het ook hierdie weg gekies. Dit klink só: die kerkraad en leraar voer hierdie artikel uit met die interpretasie dat daar net een soort navolging van die Here vir leraars en lidmate. Hierdie navolging is geloof in die Here as Verlosser en die lewe van dankbaarheid soos vervat en verwoord in die belydenisse van die NG Kerk.
.5 Die kerkraad het nog altyd toegesien dat die leraar in geloof en lewe voorbeeldig is soos wat enige lidmaat voorbeeldig in hierdie geloof en lewe moet wees, maar ook as ampsdraer, soos elke ampsdraer tot voorbeeldigheid verbind is deur die amp waarin hulle verkies is.
.6 Die kerkraad is nog steeds nie bereid om die leraar aan enige ander interpretasie van die toepassing van hierdie artikel te verbind, as dat navolging van Christus geloof in Christus as Verlosser en die dankbaarheidslewe volgens die belydenisse is nie nie. Weereens nie in ’n gees van weerspannigheid nie. Indien enige kerklike vergadering hierdie onduidelikheid kan opklaar en wys hoe die kerkraad op ’n ander wyse hierdie artikel moet toepas, as waartoe die kerkraad bereid is, sonder dat die kerkraad die leraar aan ’n onduidelike plig moet verbind, sal die kerkraad met hierdie vergaderinge saamwerk.

21. Die kerklike vergaderinge waartoe die kerkraad toegang het, kan nie op hierdie stadium die kerkraad wys hoe om sonder die kerkraad se kwalifikasie van die artikel wat hulle op hierdie wyse wel toepas, anders toe te pas nie.

    Die ring van Louis Trichardt kan dit nie doen nie. Hulle het dit openlike gestel tydens die ringsitting van 2008 en die kerkraad ondersteun om duidelikheid te probeer kry deur hulle gravamen en versoek aan die Noordelike Snode.

    Die SDR van die Noordelike sinode kan dit nie doen nie. Hulle is nou verbind tot die uitkoms van die herbeoordeling van artikel 9.2b, voor hulle self met die kerkraad in gesprek kan gaan.

    Die ATR het dit tot op hede ook nie gedoen nie. Ons is op ons eensydigheid gewys, maar het geen leiding nog oor die onduidelikheid of ander toepassing ontvang nie.

22. Die kerkraad was van die begin af besorg oor die onbillikheid wat dit vir sy werknemer inhou, sowel as die onhoudbaarheid dat hy as werkgewer ’n onduidelike plig moet afdwing. Daarom het ons as deel van die versoek aan die Noordelike Sinode gevra vir ’n tussentydse reëling: “ … of alternatiewelik dat die sinode leraars van hierdie artikel vrystel tot en met die leiding van die Algemene Sinode.” Hierdie versoek is aanvaar en is verwys vir gesprek met die kerkraad en Noordelike Sinode.

23. Op grond van hierdie versoek van die kerkraad aan die sinode wat na die SDR verwys is, vra ons u dan nou dringend vir ’n tussentydse maatreël vir die behoorlike en duidelike toepassing van artikel 9.2b.

24. Die rede vir hierdie versoek is dat die konsulent van die NG Gemeente Levubu nadat hy van hierdie proses waarin die kerkraad betrokke is kennis geneem het tydens die visitasiebesoek, besluit het om beide die kerkraad en leraar aan te kla by die ring omdat hulle nie artikel 9.2b ongekwalifiseerd, maar met ’n eie interpretasie toepas.

25. Die eis waarvoor hierdie klagtes teen die leraar en kerkraad gestel word, is dat artikel 9.2b nie onduidelik is nie, nie toegepas kan word met die kwalifikasie van die kerkraad dat: daar net een soort navolging van die Here vir alle Christene is, dat hierdie navolging geloof in Christus se verlossing en die dankbaarheidslewe volgens die drie formuliere van Enigheid is, dat die leraar nes anders ampsdraers in hierdie geloof en dankbaarheidslewe voorbeeldig moet wees nie, maar dat die kerkraad en leraar hulle ongekwalifiseerd aan hierdie plig onderwerp asof dit nie onduidelik is nie, en dat die kerkraad se poging om sy werknemer ’n duidelike pligomskrywing te gee, weerspannigheid teen die kerkorde is.

26. Die regsposisie waarin die kerkraad is, is dat die ring die kerkraad en leraar nie kan leiding gee nie omdat hulle self verklaar het hierdie plig is onduidelik. Die SDR en moderatuur kan nie huidiglik vir die kerkraad leiding gee oor die interpretasie van die plig in 9.2b want hulle wag vir die afhandeling van hulle ad-hoc kommissie se

herbeoordeling.

27. Al weg wat die kerkraad oopsien is dat u en die persone wat bevoeg is daartoe dan wel ’n tussentydse maatreël tref vir die behoorlike en duidelike toepassing van artikel 9.2b – ’n tydelike maatreël wat iets ander is as om te verklaar dat hierdie plig duidelik is – dit is tog onmoontlik dat enige kommissie so ’n uitspraak kan maak terwyl die SDR self opdrag gegee het dat die onduidelikheid in die artikel herbesin moet word.

28. Ons manier om behoorlik aan hierdie pligvoorskrif uitvoering te gee, sonder om ons werknemer te verstrik in die onduidelikheid van die plig, is om dit vir hom te kwalifi seer volgens die inhoud van die Drie formuliere en die eis tot voorbeeldigheid wat nog altyd deel van die eis van sy amp was.

29. Indien u oordeel dat die kerkraad nie self hierdie kwalifikasie in hierdie onduidelike plig mag gee nie, versoek ons u om dringend voor die eerskomende ringsitting vir ons ’n ander duidelike en behoorlike tussentydse maatreël te gee waarvolgens ons hierdie artikel kan toepas sonder om ons werknemer aan ’n onduidelike plig te verbind.

30. Ons kwalifisering van hoe hierdie artikel toegepas word en hoe dit vir ons werknemer bindend is, is omdat daar in die NG Kerk na ons wete geen ander is nie, dit is nie uit weerspannigheid teen die orde van die kerk nie..

31. **TWEEDE VERSOEK.**
**Indien dit binne die tydsdruk nie moontlik is vir u of die betrokke kommissies om ons met so ’n tussentydse maatreël te bedien voor die 4 de September nie, wat vir ons heel verstaanbaar en in goeie trou is, versoek ons u dan om te bevestig dat**

**weens die onduidelikheid van hierdie plig en die feit dat daar tans geen ander duidelike en behoorlike maatreël vir die toepassing van hierdie gedeelte van genoemde artikel is nie,**

**dit 1. binne die kerkraad van Levubu se reg is om as werkgewer dan self die plig aan sy werknemer duidelik te maak**

**2. dat die kerkraad se tussentydse reëling om hierdie artikel wel toe te pas (21 punt 1-6 van hierdie skrywe), behoorlik en binne orde is.**

U sal merk dat dit nie ’n opheffing van hierdie artikel is nie, maar die kwalifisering oor hoe die artikel as tussentydse maatreël behoorlik en duidelik toegepas kan word.

Die kerkraad.
NG Gemeente Levubu

# BYLAAG VII
# DIE TWEE POSISIES WAT DIE KERKRAAD VAN LEVUBU INGENEEM HET OOR ARTIKEL 9.2

**Kerkraadsvergadering 26.02.2009**

**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

**5.1. Predikantspligte**

BESLUIT 198.26.02.2008 –

5.1.1. DAT kennis geneem word van die verslag van die Dagbestuur rondom die gewysigde artikel 9.2 van die Kerkorde, 2007, aangeheg as Bylae 1.

5.1.2. DAT die Kerkraad ds. Petrus Kriel vrystel van die laaste gedeelte van Artikel 9.2 van die Kerkorde, 2007, wat soos volg lees : "en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom/haar kan navolg".

5.1.3. DAT die besluit van die Kerkraad aan die ander vergaderinge van die Kerk skriftelik deurgegee word.

**BYLAAG 1**

1.Artikel 9 gaan oor die ampspligte van die leraar, dit gaan nie oor die geloof en lewenswyse van die leraar nie.

2. Die leraar is verbind tot die Christelike geloof en lewenswyse deur die belydenisskrifte van die kerk oor die inhoud van die Evangelie en die wet van die Here op presies dieselfde wyse as enige ander lidmaat van die NG Kerk

3. Daar is geen spesiale en ander lewenswyse wat van 'n leraar verwag word anders as wat van elke lidmaat verwag word nie.

4. Die geloof in die Here volgens die Evangelie en die toewyding aan die Here volgens die wet van God, is nie 'n ampsplig van die leraar nie.

5. Die leraar is verplig tot die verkondiging van die Evangelie en die bediening van die sakramente. Dit is twee van die middele waardeur die Here sy kerk regeer. Die uitoefening van die tug is die derde middel en dit word in besonder aan die ouderlinge opgedra.

6. Die leraar se geloof in die Here en sy gehoorsaamheid aan die wet van die Here is nie een van die middele waardeur die Here die kerk opbou en regeer nie.

7.Die nuwe artikel 9 stel die leraar se geloof en gehoorsaamheid gelyk aan die drie middele waardeur die Here die kerk regeer. Dit word in 9.2 gelyk gestel aan die bediening van die Woord en die bediening van die sakramente.

8. Die nuwe artikel 9.2 verhef die geloof en gehoorsaamheid van die leraar tot 'n hoër vorm van geloof en gehoorsaamheid as die van die lidmate: die leraar se geloof en gehoorsaamheid is navolging van Christus, sonder enige tussenganger. Die lidmate se geloof en gehoorsaamheid is navolging van die leraar as tussenganger tussen God en hulle.

9. Die kerkraad stel dit dat hierdie 'n miskenning is van die amp van leraar. Volgens die Gereformeerde oortuiging is daar geen onderskeid is in die navolging van Christus tussen leraars en lidmate nie.

10. Hierdie anderste geestelikheid vir leraars as lidmate is die dwaling van die Pinkster en Rooms Katolieke bygelowigheid.

11. Dat die leraar 'n geestelikheid sou bedien as tussenganger tussen God en lidmate

is afgodsdiens. Die leraar moet die Woord van God en die sakramente aan die gemeente bedien, nie sy geestelikheid of gehoorsaamheid aan God nie.

12. Die kerkraad van die NG gemeente Levubu verklaar dat ds. Kriel nie met sy lewe of sy gehoorsaamheid as ŉ geestelike rolmodel kan dien wat geestelik hoër of anders is as die geloofsgehoorsaamheid waartoe elke lidmaat van die gemeente verbind is nie. Sy gehoorsaamheid is net soos elke ander lidmaat alleen vir God genoegsaam deur die Evangelie.
13. Die kerkraad erken geen geestelikheid waarin die lidmate nie self Christus navolg in die bediening van die Woord en sakramente nie, maar die leraar in sy navolging moet navolg nie.
14. Daarom verwag die kerkraad dat ds. Kriel hierdie voorgeskrewe ampsplig deur die kerkorde sal ignoreer en hom hou by die bediening van die Woord en die sakrament.
15. Hiermee verklaar die kerkraad hom bereid tot gesprek met enige kerklike vergadering of kerklike kommissie wat deur hierdie besluit van die kerkraad geraak word.

**AGENDA KERKRAADSVERGADERING 26.08.2008**

5.**SAKE UIT VORIGE NOTULE**

5.1 (23.10.2007) 6.5 **Predikantspligte**.

Die aktuarius van die Noordelike sinode het die saak na die Algemene Regskommissie verwys. Hulle het dit terugverwys met die aanbeveling dat die kerkraad ŉ gravamen aan die sinode rig. Die Aktuarius het gereël dat hierdie gravamen by die sinode in September maand ingehandig kan word. Die dagbestuur het die saak na die ring gestuur en navraag gedoen oor hoe die predikant hierdie plig moet uitvoer anders as wat die kerkraad aan gedui het. Die ring het gesê dat hulle nie weet hoe dit anders gedoen moet word as wat die kerkraad van Levubu dit beskryf het nie.

5.1.1 Beveel aan dat die kerkraad ŉ gravamen aan die sinode deurgee.

5.1.2 Bedeel aan dat die kerkraad die leraar net hou by die interpretasie van die kerkraad

5.1.3 Beveel aan dat die kerkraad die Noordelike Sinode vra of hulle dit anders verstaan as

die kerkraad van Levubu.

**NOTULE**

**5.1. Predikantspligte**

BESLUIT 28.26.08.2008 –

5.1.4. DAT ŉ gravamen (beswaarskrif) aan die Noordelike Sinode deurgegee word.

5.1.5. DAT die leraar net by die Kerkraad se interpretasie van die Kerkorde in die verband gehou sal word.

5.1.6. DAT die Noordelike Sinode versoek word of hulle die betrokke artikel van die Kerkorde anders as die Kerkraad van Levubu verstaan.

**UITLEG**

1.Die eerste besluit wat die kerkraad geneem het, was met die oortuiging dat die Algemene Sinode ’n dwaling in die kerkorde ingeskryf het. Dit word uitdruklik in punt 10 van die motivering van die besluit gestel. Volgens die kerkraad was die was die besluit ultra vires.

2. Ons standpunt was dat die Algemene Sinode ’n ordereël teen sy eie belydenisse gemaak het. Dit is nie moedswillig gewees nie – die bewoording van die artikel leen hom moeilik tot ’n uitleg anders as dat leraars anders aan God gehoorsaam is as lidmate. Dit was vir ons ’n opsigtelike en duidelike dwaling wat nou kerkordelik afgedwing word.

3. Indien die Algemene Sinode teen sy eie belydenisse reëls maak, soos byv. dat die Here nie liggaamlik uit die dood uit opgestaan het nie, kan daardie reëls nie toegepas word nie. Kerkrade kan nie reëls wat teen die belydenisse is toepas, net omdat breëre vergaderinge dit besluit het nie.

4. Dit is ook nie so dat ’n kerkraad ’n reël wat teen die belydenisse is, moet toepas totdat die breëre vergaderinge dit eers verander het nie. Ultra vires beteken die besluit is wederregtelik gewees en hierdie wederregtelikheid kan nie deur kerkrade uitgevoer word net omdat ’n breëre vergadering dit besluit het nie.

5. Dit was ons motivering vir die besluit dat ons die leraar vrystel van hierdie gedeelte van artikel 9.2.

6. Hierop het die ATR reageer en gestel dat ons uitleg van die artikel eensydig is. Ons het dit interpreteer dat hulle daarmee stel dat die artikel nie die inhoud en implikasie het wat ons daaraan gegee het nie: dit is dat leraars anders in God glo en gehoorsaam aan God is as lidmate . **Ons het hulle verwysing aanvaar**.

7. Dit het die kerkraad voor die volgende posisie geplaas – indien die ATR stel dat die artikel nie ’n ander gehoorsaamheid van leraars as vir lidmate eis nie, hoe moet ons dan die artikel toepas? Die ATR het vir ons geen verwysing gegee wat die uitleg van hierdie artikel is – anders as die wat die kerkraad gegee het van ’n anderste gehoorsaamheid vir leraars as vir lidmate nie. Die posisie waarin die kerkraad gestel is deur die ATR en Algemene Sinode is dat die artikel onduidelik is en vir verskeie teenstrydige interpretasies oop is.

8. Volgens die ATR moes die sinode met ons in gesprek gaan oor hoe hierdie artikel toegepas moes word, die sinode het dit na die ring verwys. Op die ringsitting van 2008 het die kerkraad gevra of die ring van ’n ander toepassing weet as dié waartoe die kerkraad hom kan verbind: dat die navolging van die leraar nie ’n ander manier van glo in en gehoorsaamheid aan God kan beteken nie. Die ring in sitting het gestel dat hulle nie van ’n ander toepassing van die artikel kan weet nie.

9. Na die ringsitting van 2008 het die kerkraad dan die besluit soos hierbo vermeld geneem. 5.1.4 het die onduidelikheid van die besluit aangespreek. 5.1.5 het die leraar verbind om artikel 9.2 net te mag aanvaar en toe te pas volgens die kerkraad se stand punt oor navolging: die leraar mag net aan hierdie artikel verbind wees met die verstaan dat sy navolging van die Here is niks anders as die van die lidmate nie. 5.1.6 omdat die kerkraad nie eensydig en eiemagtig wou wees in hulle toepassing van artikel 9.2 nie, het hulle die Noordelike Sinode versoek om met die kerkraad in gesprek te gaan oor die

tussentydse toepassing van die artikel

10. Indien die ATR aan ons sou gestel het dat die artikel verwag dat die leraar anders in God moet glo en aan God gehoorsaam moet wees as lidmate, sou geen kerklike kommissie ons met geen kerkorde-artikel kon dwing om dit te aanvaar nie. Ons sou die artikel as ultra vires beskou het en enige moontlike toepassing van die artikel gewoon net ter syde gestel het. Ons sou ook enige gevolge van ons standpunt en optrede aanvaar het. Dit sal presies ons standpunt en optrede wees indien ’n algemene sinode sou besluit dat die Here nie liggaamlik uit die dood uit opgestaan het nie of dat elke gemeente of lidmaat maar self kan besluit of hy wil glo of die Here liggaamlik uit die dood uit opgestaan het. Geen kerkordelike reël wat opsigtelik en duidelik teen die inhoud van die belydenisskrifte is, sal ons ooit toepas nie. Ons aanvaar geen geestelik heid van ex catedra uitsprake van breëre vergaderinge nie. Breëre vergaderinge is gebind aan die belydenisse op dieselfde wyse as enige kerkraad.

11. Na die ATR se verwysing dat om hierdie die artikel te verstaan as sou dit beteken dat leraars anders in God glo of anders aan God gehoorsaam is as lidmate 'n eensydige verstaan van die kerkraad is, moes die kerkraad nou ’n artikel wat vir die kerkraad onduidelik is toepas. Die wyse waarop die kerkraad hierdie onduidelikheid aangespreek het, was om die leraar aan die kerkraad se verduideliking van die artikel te verbind. Uit die besluit van die kerkraad (5.1.5) en die versoek aan die Noordelike Sinode om met die kerkraad in gesprek te gaan en aan die kerkraad te wys indien daar ’n ander wyse is waarop die artikel toegepas word as die wyse waarop die kerkraad dit toepas – is dit mos heel duidelik en helder die posisie wat die kerkraad na die ATR se skrywe ingeneem het – **ons pas artikel 9.2 toe volgens die kerkraad se verstaan dat daar geen verskil is in die wyse waarop die leraar en lidmate in God glo of aan God gehoorsaam is nie.**

12. Enige persoon of instansie wat die kerkraad na die besluit van 26.08.2008 wil beskuldig of verdagmaak dat die kerkraad nie hierdie artikel toepas nie – skuld die kerkraad ’n gemotiveerde verduideliking.

13. Die kerkraad het nooit eiemagtig teenoor ander kerklike vergaderinge besluit om hierdie artikel volgens die interpretasie en standpunt van die kerkraad oor wat navolging van Christus is, toe te pas nie.
    13.1 Die ATR het ons geen uitleg of interpretasie oor hoe hierdie artikel toegepas moet word, gegee nie.
    13.2 Voor ons hierdie besluit geneem het, het ons die ring van Louis Trichardt in sitting gevra of hulle van ’n ander interpretasie weet – die ring het van geen ander geweet en tot op hede ons nog geen ander gegee nie. Die ring het genotuleer dat hulle die kerkraad ondersteun in hulle poging om duidelikheid oor die toepassing van die artikel by die Sinode te probeer kry.
    13.3 Na ons die besluit geneem het om die artikel volgens die kerkraad se standpunt oor wat navolging van Christus is toe te pas, het ons die Noordelike Sinode versoek om met ons in gesprek te gaan oor die tussentydse toepassing van hierdie artikel – en daar was nog nooit enige gesprek van die Sinode se kant of enige

leiding van die Sinode oor ’n ander toepassing van hierdie artikel as die wyse waarop die kerkraad dit toepas nie.

14. Die rede vir die uitstaande gesprek van die kant van die Noordelike Sinode is nie traagheid of ongeërgheid oor die versoek van die kerkraad nie. In die handelinge van die SDR met hierdie versoek het die SDR self besluit die onduidelikheid oor hierdie artikel moet ondersoek word met verslag aan die SDR. Die SDR het in sy kommissie wat die saak hanteer met die leraar ooreengekom dat hierdie gesprek uitgestel word tot na die verslag aan die SDR en die leraar het dit só aan die kerkraad oorgedra. Die posisie tussen die kerkraad en Noordelike Sinode in die persoon van die SDR is ’n posisie van goeie trou – die Noordelike sinode het deeglik in die versoek oor die tussentydse toepassing van die artikel van die wyse waarop die kerkraad hierdie artikel toepas kennis geneem.

15. Die visitasiekommissie het ’n verwronge standpunt ingeneem dat die kerkraad nie artikel 9.2 toepas nie. Hulle het besluit dat die kerkraad in Februarie 2008 die artikel opgehef het uit weerspannigheid, sonder om die motivering van die kerkraad dat hulle van mening is dat die Algemene Sinode ultra vires opgetree het enigsins in ag te neem in hulle interpretasie en uitleg van die besluit.

Die verwrongheid van hierdie kommissie se oordeel blyk duidelik oor hoe hulle die kerkraad se besluite van 26.08.2009 interpreteer. Hulle voer aan dat die besluite waarin ons die artikel se toepassing aanvaar binne die uitleg van kerkraad oor wat navolging beteken, dat ons besluit het ons staan by die opheffing van artikel 9.2 Om hulle interpretasie van ons besluit aan te haal **“Die kerkraad hou dus hardnekkig vol met hulle vrystelling van KO art 9.2. Die briewe van die aktuarius, die ATR het dus nie gehelp nie.”** Dit is die afleiding wat hulle maak uit die direkte besluit dat ons die artikel toepas binne die kerkraad se interpretasie van wat navolging is!!!!

Hulle maak verkeerdelik die gevolgtrekking dat die besluit se woorde: “die Kerkraad se interpretasie van die Kerkorde in die verband gehou sal word.”, verwys na die besluit van Februarie 2008 terwyl dit in hierdie besluite helder en duidelik gaan oor hoe die kerkraad artikel 9.2 wel sal toepas – volgens die kerkraad se interpretasie van navolging: daar is geen ander tipe navolging vir leraars as vir lidmate nie.

16. Die visitasie kommissie het nooit met die kerkraad tydens die visitasie gesprek gevoer oor hulle as kommissie interpretasie van die kerkraadsbesluite nie. Daar is ook geen gesprek gevoer met die kerkraad oor hulle eie interpretasie van die kerkraadsbesluite nie.

17. Die visitasiekommissie het ook nie met die ringskommissie oor die hantering van hulle menings en oordele in gesprek getree nie – al is die ringskommissie die liggaam wat visitasie hanteer.

18. Na die leraar van die klagte van die ringskommissie gehoor het, het hy persoonlik met ds. Jan van der Westhuizen geskakel en gevra of die broer op hoogte is oor die besluite wat die kerkraad geneem het en die prosesse wat die kerkraad gevolg het. Die leraar het die broer uitgenooi om in gesprek daaroor te gaan. Ds. Van der Westhuizen het gestel dat hy bewus is van die proses, maar het die leraar is summier afgewys. Hierdie uitnodiging is van die hand gewys met die motivering dat " die saak nou subjudicae" is. Die leraar het dit aan die broer gestel dat hy hierdie afwys van 'n uitnodiging tot 'n verhelderende gesprek aan die ring gaan deurgee en die broer het ingestem dat dit deurgegee kan word.

19. Sonder om die ringskommissie in die saak te ken het hierdie kommissie die aktuarius en moderatuur met hulle verwronge oordeel oor die besluite van die kerkraad genader en daardeur die kerkraad onder verdenking gebring. Uit die stukke van die moderatuur is dit duidelik dat hulle die verwronge mening van die kommissie aanvaar het as 'n geldige saak wat aandag moet verdien. Dit beteken dat hulle onder die indruk gebring is dat die kerkraad in hierdie proses nog steeds by die besluit van Februarie 2008 staan maar dit doelbewus verswyg vir ander kerklike vergaderinge.

20. Die kerkraad het kennis geneem van hierdie kommissie se eensydige optrede en dit het die kerkraad onder die druk gebring om die gesprek oor die optrede van die kerkraad met die sinode aan te vra of om as sinode die reg van die kerkraad om self 'n tussentydse reëling te maak terwyl geen ander kerklike vergadering nog by magte is om die kerkraad met 'n tussentydse toepassing te bedien nie. Die saak is met die aktuarius opgeneem en die ringskommissie versoek om hulle skrywe aan in die ringsagenda in te bind.

21. Wat hartseer is, is dat hierdie visitasiekommissie hulle verkeerde interpretasie van die kerkraadsbesluite vrymoedig met die kerkraad tydens die visitasiebesoek kon uitklaar. Hulle het dit nie gedoen nie. Hulle het ook nie die uitnodiging van ds. Kriel opgeneem om dit uit te klaar nie. Hulle het ook nie dit met die ringskommissie opgeneem om dit op te klaar nie.

Hulle het hulle verkeerde interpretasie net as waarheid aanvaar en dit as geleentheid gesien om hulle self tot klaers te verhef teenoor die leraar en kerkraad.

22. Dit lê totaal buite die opdrag en bevoegdheid van 'n visitasie kommissie om as klaer teen 'n kerkraad en leraar op te tree. Dit is 'n vertrouensbreuk indien hierdie kommissie die gesprekke met die leraar en kerkraad gebruik as 'n bron van in ligting om 'n klag teen die kerkraad of leraar op te stel. Dit is nie net 'n vertrouensbreuk tussen die kommissie en die kerkraad en leraar nie. Dit is 'n ver trouensbreuk tussen die kerkraad en leraar en die ring. Indien 'n ring aan sy visitasiekommissies die opdrag en bevoegdheid gee om uit hulle besoeke en gesprekke hulle self as klaers te kan opstel, is die instelling van visitasie tot niet.

'n Visitasie kommissie se opdrag is verslag van hulle besoek – nie om as

klagtekommissie te dien nie en ook nie om as ondersoekkommissie te dien oor die moontlikheid van ’n klagte nie. Dít is die werksaamheid van die ring in sitting wat die visitasie verslae hanteer.

23. Uit die skrywe van die aktuarius sal die ring kennis neem dat hulle as visitasiekommissie nie na die ringskommissie verwys is of daarop gewys is dat ’n visitasiekommissie nie as klaer kan optree in die visitasieverslag nie. Hulle word bedien as ’n visitasiekommissie met inligting hoe om ’n kerkraad en leraar vanuit die visitasie besoek aan te kla.

Die brief van die moderatuur wys dat hulle direk die visitasie bespreek het en duidelike aanbevelings maak aan die ring oor dat die kerkraad hulle besluit moet regstel. Dit beteken dat hulle die verkeerde interpretasie van die kommissie moes aanhoor en daaroor hulle self moes uitspreek teenoor die ring.

Hierdie rol van die moderatuur om in gesprekke oor ringsvisitasie betrokke te raak wat nog nie voor die ring gedien het en waarvan die ringskommissie nie eers bewus was nie – sal moet aangespreek word.

Hulle het ’n verwronge standpunt van ’n visitator in behandeling geneem, voor enige ringshandelinge en daaruit hulle self gemagtig gevoel om voorskrifte aan die ring te gee oor hoe die ringsitting hierdie verwronge standpunt as geldige saak moet hanteer.

**BYLAAG VIII**

**DIE INSTELLING VAN VISITASIE VAN DIE RING EN DIE GEREFORMEERDE STANDPUNTE VAN DIE NG GEMEENTE LEVUBU.**

1.Die visitasie kommissie het onder die opskrif “negatiewe tendense” en “besprekingspunte” in bylaag 13 verskillende sake wat hulle aanvoer as bewyse van “’n gesindheid” waaroor die kerkraad aangespreek moet word. Dit is sonder dat daar gestel word wat die inhoud van die gesindheid is of wat verkeerd sou wees met hierdie gesindheid.

2. Wat ontstellend is van hierdie uitwys van ’n gesindheid van die kerkraad wat aangespreek sou moet word, is dat die visitasiekommissie

1.nooit self hierdie saak met die kerkraad of leraar tydens die visitasie opgeneem het nie. Daar was geen vrae van hierdie kommissie oor die gesindheid van die kerkraad nie of ’n versoek aan die kerkraad of leraar dat hulle gesindheid bespreek moes word nie.

2.dat die aanvoer van bewyse van hierdie gesindheid grotendeels nie uit die visitasie aangevoer word nie, maar uit bronne buite die visitasie wat nooit met die kerkraad of leraar bespreek is nie.

3.Dit is onregmatig om as deel van ’n visitasie verslag sake te vermeld of aan te voer wat tugwaardig is en nie deel van die visitasie was nie. Dit is dan eintlik ’n klag of

gerug wat ingedien word. Maar die klag of gerug word nie as klag of gerug ingedien nie. Dit word aangebied as sou dit deel van die werksaamheid van die kommissie gewees het, wetende dat uit hierdie "verslag" die ring dan wel 'n klag móét formuleer.

Die hele verslag word aangebied op die wyse dat die ring in sitting die kerkraad oor tugwaardige optredes moet aanspreek. Ons kan ons nie aan 'n visitasieverslag blootstel wat sake weergee uit ander bronne as die visitasie, maar dit as visitasie aanbied nie.

4. Die volgende sake was nooit deel van die visitasiekommissie se vrae of besprekings met die leraar en kerkraad nie. Daarom versoek ons dat hierdie sake uit die visitasie verslag geskrap word en nie deel van die argief van die ring sal wees nie:

   4.1 Die inhoud van die artikels van die kerkraad op die kerk se internet webwerf.
   4.2 Die besluite van die ringskommissie van 2008 oor die afgevaardigdes se standpunt oor die doop.
   4.3 Alle verwysings na die doop, die betekenis van die doop en die toepassing van die doop.
   4.4 Alle verwysings na redding en regverdigmaking.
   4.5 Die hantering van die kerkraad van huwelike.
   4.6 Kommentaar in die openbare media

5. Wat diep ontstellend is, is dat die visitasie kommissie sonder toestemming of die medewete van die kerkraad 'n vertroulike kerkraadstuk ingebind het in die rings agenda: die verslag van die ouderling wat na die sinode afgevaardig was.

   Die kerkraadstukke van Levubu is vertroulike stukke tensy anders vermeld of besluit. Die kommissie het die vergunning dat hulle insae in die agendas en notules van die kerkraad kry om hulle voor te berei om behoorlike gesprek met die kerkraad te voer misbruik. Hulle het hierdie vertroulike kerkraadsverslag gewoon net eiemagtig in die agenda van die ring ingebind.

   Hierdie optrede is 'n vertrouensbreuk tussen die kommissie en die kerkraad. Dit sal ook tot 'n vertrouensbreuk lei tussen al die kerkrade en die ring. Hoe kan enige kerkraad weer sy vertroulike stukke tot insae van die ring se visitatore stel met die wete dat enige deel van hulle stukke sonder toestemming of medewete openbaar gemaak sal word.

6. Daarom versoek ons die ring in sitting dat hierdie dokument geskrap word en nie as deel van die ringsargief opgeneem word nie.

7. Nog 'n verstommende saak is dat hierdie kommissie dele van die staat van godsdiens wat die kerkraad aan die ring deurgegee het as bylaag tot die visitasieverslag indien en weereens die staat van godsdiens gebruik om besprekings aan die orde te stel wat gaan oor tugwaardige optredes: skeurmakery, die oortreding van kerkordereëlings oor tug, die liturgie en die erediens karakter van huwelike.

Weereens poog die kommissie om op hierdie wyse die visitasie verslag te gebruik as 'n wyse om klagtes op te stel sonder dat dit as klagtes ingedien word.

Die kommissie kan gewoon net nie die staat van godsdiens van die gemeente gebruik as deel van sy visitasie verslag nie. Dit was nie deel van die dokumentasie wat die kerkraad aan die kommissie deurgegee het nie. Dit val buite die verslag jaar van die kommissie. Die enigste plek waar hulle dit kon kry was uit die agenda van die ring. Hoe hulle dit kan regverdig om dele uit die agenda van die ring aan te bied as deel van hulle visitasiebesoek sal hulle aan die ring moet verduidelik.

8. Ons versoek dat hierdie bylaag in sy geheel geskrap word en nie as deel van die argief van die ring opgeneem word nie.

9. Die betrek van die aktuarius en die moderatuur by die visitasieverslag.
Visitasie is 'n werksaamheid van die ring. Dit is glad nie deel van die werksaamhede van 'n sinode nie. Die kommissie het sake wat hulle as visitasie moes hanteer en verslag aan die ring moes gee, direk aan die aktuarius en moderatuur deurgegee sonder enige toestemming of enige medewete van die ringskommissie.

Hoe hulle dit vir hulle self kon aanmatig moet hulle aan die ring verduidelik en hoe die aktuarius en die moderatuur hulle kon begeef om buite om die ringskommissie met hierdie persone in gesprek te kon tree – en die ring met 'n brief te kon bedien oor hoe hulle hierdie sake moet aanspreek – moet aangespreek word. Die optrede van die kommissie en die moderatuur is ultra vires.

Die ring staan nou voor die dreiging dat sy hele visitasiekultuur vernietig kan word soos dit al in baie ander ringe vernietig is. Hoe kan 'n leraar en kerkraad ooit weer in hierdie ring met vrymoedigheid die ring se visitatore ontvang met die wete dat sonder hulle medewete en buite om die ring hulle met die moderatuur bespreek gaan word en die moderatuur vir die ring briewe oor die visitasiebesoek gaan skryf? Hoe kan ons as kerkraad vrymoedig deelneem aan 'n gesprek met die ring oor die visitasie waar daar alreeds aanbevelings van die moderatuur en aktuarius op die tafel lê?

10. Daarom versoek ons dat alle verwysings na en van die aktuarius en moderatuur oor sake wat eers voor hierdie vergadering moes dien of waarin ten minste eers die ringskommissie erken moes gewees het, van die agenda geskrap sal word.

11. Wat die optrede van hierdie kommissie tugwaardig maak is dat hulle hulle wanopvattings aan die aktuarius en moderatuur as feite deur gee en waarop die moderatuur as feite gereageer het.

.1 ds. Kriel het verskoning by die sinode gevra vir die laaste deel van die vergadering want hy moes nog na Jansenpark om sy ma op te laai en dan weer na Levubu toe gaan. Die sinode het ds. Kriel op hierdie versoek verskoon. Ds. van der Westhuizen hou hierdie saak so voor asof ds. Kriel nie aan die seremonie oor lapverf wou deel neem nie. En die moderatuur reageer daarop asof dit die feite is. Dit beteken ds. Kriel

sou die vergadering onder ’n wanindruk gestel het vir sy verlating van die vergadering.

.2 die kerkraad het kennis geneem dat die sinode met verskillende soorte spiritualiteite geopen word- waarvan sommige teen die spiritualiteit van die leraar en kerkraad is. Die kerkraad het sy afvaardiging vergunning verleen om nie aan spiritualiteite wat teen hulle gevoel is deel te neem nie. Hierdie saak word nie so gestel nie, maar voorgehou asof die kerkraad nie aan die verrigtinge van die vergadering wil deel neem nie.

12. Wat die mees absurde saak is wat hierdie kommissie stel is hulle versoek dat die kerkraad se verhouding met die NGKA bespreek moet word as skeurmakery. Hoekom? Hoe kan ’n kerkraad se samewerking en ondersteuning aan ’n susters Kerk skeurmakery wees? Is samewerking met die VGK ook skeurmakery as die NGKA se toestemming en goedkeuring nie eers vooraf verkry is nie?

Indien dit so is , dan moet die ring se handeling met ds. Lebone en die ondersteuning wat die ring aan ds. Leone gegee het ook gesien word as skeur makery.

Hierdie absurditeit stel die bedoeling van die kommissie duidelik aan die orde:

Alles wat Levubu doen moet gesien word as iets waaroor hulle buite orde is en waaroor hulle aangespreek moet word – sonder dat dit met hulle self bespreek was en sonder dat die vergadering eers die sake behandel het in ’n gees van samehorigheid, ondersteuning, welmenendheid en openheid.

13. Waaroor gaan die wrewel van hierdie kommissie?

Dit gaan oor die kerkraad se standpunte: die kerkraad se standpunt oor: bekering, regverdigmaking, heiligmaking, geloof, die doop, die plek van rituele, die Pinksterbeweging in die NG Kerk, navolging van Christus en samewerking met die NGKA.

Die wrewel gaan dus oor die geloofsoortuiging en -bediening van die kerkraad en leraar.

14. Sonder dat hulle oor die inhoud van hierdie sake wil praat in ’n oop gesprek, het hulle klaar besluit dat die kerkraad aangekla en aangespreek moet word. Hulle het die visitasie instelling van die kerk gebruik om die kerkraad en leraar in ’n staat van beskuldiging te plaas – oor bekering, regverdigmaking, heiligmaking, geloof, die doop, die plek van rituele, die Pinksterbeweging in die NG Kerk, navolging van Christus en samewerking met die NGKA.

Sonder dat die kerkraad of leraar geleentheid gegee word om hulle oor hierdie sake te verantwoord – moet daar nou sommer klaar ’n kommissie aangestel word wat

die kerkraad oor sy gesindheid aan spreek.

Gesindheid oor wat? Hulle gesindheid oor bekering, regverdigmaking, heiligmaking, geloof, die doop, die plek van rituele, die doop, die Pinksterbeweging in die NG Kerk, navolging van Christus en sy samewerking met die NGKA.

15. Wat is hierdie? Wat is die verkeerde "gesindheid" oor bekering, regverdigmaking, heiligmaking, geloof, die doop, die plek van rituele, die doop, die Pinksterbeweging in die NG Kerk, navolging van Christus en sy samewerking met die NGKA?

Dit is tugwaardige sondes en optredes!

Hoe word hierdie tugwaardige sondes en optredes aangebied en hanteer?

Dit word as 'n visitasieverslag voorgehou terwyl dit nooit deel van die visitasie was nie. Wat bereik die kommissie hiermee – om tugwaardige sondes aan te bied as 'n visitasie verslag? Hiermee word die kerkraad en leraar skuldig bevind en veroordeel vir 'n verkeerde "gesindheid" oor die basiese geloofsake sonder dat dit as klag gelê was, na 'n ondersoekkommissie verwys is of as tugwaardige sondes ondersoek is.

Die kommissie het hulle visitasie omskep in 'n tugondersoek.

Hulle het hulle self in en tydens die visitasiebesoek verhef asof hulle die ring is wat moet besluit wat om met 'n verslag oor tugwaardige sondes te doen; hulle het hulle self verhef asof hulle die ondersoek kommissie is wat "inligting" buite die besoek gaan opdiep om die klagtes te bewys, in oorleg met die aktuarius te gaan en die inhoud van die klagtes te formuleer en te wys waar en hoe dit teen die kerkorde en die belydenisse is.

Hulle het hulle self verhef tot die ondersoek kommissie wat die kerkraad en leraar skuldig bevind aan 'n "verkeerde gesindheid" en namens die ring op 'n bestraffing buite die vergadering besluit deur die aanbeveling dat die ring met die kerkraad oor sy gesindheid sal praat.

Die ironie is dat die kerkraad en die leraar in hierdie proses waarin hulle deur 'n volledige tugsondersoek gegaan het, nie een keer 'n kans gegee is om net eers 'n spreekbeurt te mag hê nie.

16. Deur die visitasie kommissie te omskep in 'n tugondersoekliggaam het die visitasiekommissie het homself verhef tot aanklaer en regter oor die geloof van die kerkraad, leraar en gemeente van Levubu. Onder die dekmantel van visitasie is daar effektief 'n tugondersoek teen die kerkraad en leraar uitgevoer.

Hierdie is seker een van die mees eiemagtigste en beskamendste optredes van enige kommissie van hierdie ring in die geskiedenis van hierdie ring.

17. Die hartseer van hierdie vergryp aan mag is soveel meer teenstrydig as dit vergelyk word met die gesindheid waarin ons ring verskille en onkerkregtelike optredes van kerkrade hanteer het tot dusver. Met die verkies van herdoopte kerkraadslede in Messina het die aktuarius al amper vier jaar gelde aanbeveel dat hierdie lede gestuit word. Ons het besluit om ’n ander weg te volg – die weg van oorreding deur ’n oop gesprek. Niemand het enige leraar aangekla, enige kerkraadslid aangekla, enige oordeel of bevinding oor hulle uitgespreek nie. Die eerste keer dat die ring met tug handelinge begin het, was toe hulle eensydig uit die oop gesprek onttrek het.

    Hierdie eiemagtige en veroordelende houding is vreemd aan die tradisie en kultuur van ons ring.

18. Die kerkordelike chaos is nou dat die moderatuur en aktuarius in hierdie ultra vires handelinge: dat die visitasie kommissie hulle omvorm het en met die gesag en handelinge van ’n tugondersoekkommissie beklee het, hulle ook self die mag toegeëien het om direk in hierdie wederregtelike optredes deel te neem.

19. Met uitsluiting van die ringskommissie deur beide die “aanklaers” en die moderatuur het hierdie twee partye gekommunikeer en formele besluite geneem in ’n verwronge proses waarin die visitatore as tugondersoekkommissie funksioneer het. Die moderatuur het homself bemagtig om aan die ring voorskrifte te gee oor hoe hierdie verwronge sake as geldige sake op die ringsitting aangespreek moet word. Dit oor iets wat totaal niks met hulle te doen het nie- die visitasie onder toesig van die ring skommissie en wat verslae is wat deur die ring in behandeling geneem word. Voor die ring sy eie visitasie in behandeling kon neem het die moderatuur al oor die visitasieverslag van ’n kommissie van die ring vergader, besluite daaroor geneem en voorskrifte aan die ring gegee oor wat hy in sy vergadering moet doen wanneer die ring dit vir die eerste keer ter hande neem.

20. Waaroor? Waaroor het hierdie eie magtige, self aangestelde tugondersoek teen die kerkraad gegaan?

    Dit gaan oor die kerkraad se standpunte oor geloofsinhoude. Standpunte waarvan die meeste al jare gelede deur hierdie ring getoets is in ringsittings; Standpunte waarin die ring tot ’n eenparige standpunt gekom het. Standpunte waaroor die Noordelike Sinode self nou ondersoek doen – rituele, op voorstel van die kerkraadslede van Levubu; Standpunte wat op die oomblik oop gesprekke binne die ring is. Standpunte oor openlike, erkende en bevordelike verhoudings met susterskerke.

    Hoekom hierdie aanval op getoetsde openbare standpunte? Die enigste motief wat na vore kom, is dat hierdeur ’n soort kerklike sensuur toegepas wil word op standpunte wat hierdie lede nie mee saamstem nie.

    In plaas van ’n vrymoedige, oop, gemoedelike ondersteunende en begeleidende gesindheid en gesprek, het hierdie kommissie ’n verwoede en onverdraagsame aanval

op die kerkraad gemaak waarin die kerkraad aangekla, ondersoek is, skuldig bevind is (gesindheid) en moet wag op ’n bestraffing oor hulle gesindheid.

Hoekom?

Waarskynlik om die standpunte van die kerkraad te sensureer – in ’n verwronge tugproses. Hierdie aanval is niks anders as intimidasie en teistering nie. Dit gaan juis daaroor dat die kerkraad nie sy standpunte in ’n gees van wedersydse openheid goeie trou met mekaar kan deel en toets nie.

Dit terwyl die kerkraad nog altyd oor elke standpunt wat hy ingeneem het ’n openbare gesprek geïriseer het, dit saam met kerklike vergaderinge openlik bespreek en in vrye debatte in ’n gees van welwillendheid aan die Skrif en belydenisse getoets het.

Hoekom moet hierdie standpunte nou in hierdie eiemagtige tugproses gesensureer word? Mag ons nie ons sake stel in openlike gesprekke en vrye debatte nie?

Wat se gesindheid is dit hierdie? Dit is ’n gesindheid dat die kerkraad nie sy standpunte in oop gesprekke kan stel met die reg op oorreding en vrye meningsvorm nie. Omdat die lede met die standpunte van die kerkraad verskil, moet die kerkraad se standpunte onder ’n wolk van verdagmakery gestel word en die kerkraad sy standpunte stel in ’n staat van beskuldiging.

Hierdie is eiemagtige kerklike sensuur op openbare en gesamentlike meningsvorming.